

'N EVALUERING VAN SKOOLREËLS IN DIE PRIMÊRE SKOLE VAN DIE TOD

Marthinus Cornelius de Jager, B.A., T.H.O.D., B.Ed.

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir
die graad Magister Educationis
in die Departement Vergelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur
van die Fakulteit Opvoedkunde
aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Prof. I.J.Oosthuizen

Medeleier: Prof P.C. van der Westhuizen

Hulpleier : Prof. G.M. Ferreira

Potchefstroom

1993

DANKBETUIGING

Hiermee betuig ek my opregte dank en waardering aan die volgende persone:

- My studieleier, prof. I.J. Oosthuizen, vir sy wetenskaplike benadering, hulp, leiding en ondersteuning.
- My mede-studieleier, prof. P.C. van der Westhuizen, vir sy gewaardeerde en konstruktiewe bydraes.
- My hulpleser, prof. G. M. Ferreira, vir sy insig, wetenskaplike benadering en ondersteuning.
- Prof. H.S. Steyn van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO vir hulpverlening.
- Mev. E. Mentz vir hulp met die vraelys en die verwerking van die empiriese data.
- Mev. E. van der Walt en Mev. J.H. Pelzer van die Ferdinand Postma Biblioteek, PU vir CHO, vir hulp met die versorging van die bronnelys.
- Peet van Rensburg Uitgewers vir die taalkundige en tipografiese versorging van die skripsie.
- Die Uitvoerende Direkteur van Onderwys van Transvaal vir toestemming om die vraelyste by primêre skole in Transvaal te sirkuleer.
- Mnr. S.D. Moshodi (Hoof: Wedela Technical High School) vir sy hulp en bystand.
- My kollegas vir hulp en belangstelling.
- My familie en vriende wat deur hulle hulp bystand en ondersteuning dit moontlik gemaak het om die navorsing te voltooi.
- My eggenote, Henda, vir haar rekenaarwerk en sonder wie se begrip, aanmoediging en ondersteuning hierdie navorsing nie moontlik sou wees nie.
- Adéle en Riaan vir hulle geduld en ondersteuning.

INHOUDSOPGAW

Dankbetuiging	i
Lys van figure en tabelle	vii
Summary	viii
Opsomming	ix

HOOFSTUK 1 : 'N EVALUERINGSKOLREËLS IN DIE PRIMÊRE SKOLE VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

1

1.1 INLEIDING	1
1.2 PROBLEEMSTELLING	1
1.3 DOEL MET DIE NAVORSING	2
1.4 METODE VAN NAVORSING	2
1.4.1 Literatuurstudie	2
1.4.2 Empiriese ondersoek	3
1.4.2.1 Vraelys	3
1.4.2.2 Populasie en steekproef	3
1.4.2.3 Statistiese tegniek	3
1.5 HOOFSTUKINDELING	3
1.6 SAMEVATTING	3

HOOFSTUK 2 : DIE AARD EN WESE VAN SKOOLREËLS	4
2.1 INLEIDING	4
2.2 WETGEWENDE BEHEER	4
2.2.1 Opmerking	4
2.2.2 Die Suid-Afrikaanse regstruktuur	5
2.2.3 Vorme van onderwyswetgewing	6
2.2.3.1 Parlementêre wetgewing	6
2.2.3.2 Ondergeskikte wetgewing	6
2.2.3.2.1 Onderwysregulasies	6
2.2.3.2.2 Departementele wetgewing	6
2.2.3.3 Skoolbeleid	8
2.2.3.4 Skoolreëls as interne wetgewing	8
2.2.4 Gevolgtrekking	10
2.3 SKOOLREËLS	10
2.3.1 Inleiding	10
2.3.2 Samelewingsverbande	11
2.3.2.1 Opmerking	11
2.3.2.2 Gesin	11
2.3.2.3 Die skool	12
2.3.2.4 Skool/gesin se opvoedingsverwantskap	12
2.3.3 Die onderwysleier en skoolreëls	15
2.3.4 Die doel van skoolreëls	18
2.3.5 Voordele van skoolreëls	19

2.3.6	Nadele van skoolreëls	20
2.3.7	Gevolgtrekkings	21
2.4	OPVOEDKUNDIG-JURIDIESE KRITERIA VIR SKOOLREËLS	21
2.4.1	Kriteria vir die samestelling van skoolreëls	22
2.4.2	Kriteria vir die inhoudelike van skoolreëls	24
2.4.3	Kriteria vir die toepassing van skoolreëls	25
2.4.3.1	Toepassingsgebied en -prosedure van skoolreëls	26
2.4.3.2	Die reëls van natuurlike geregtigheid	27
2.4.3.3	Prosedure by die toepassing van skoolreëls	28
2.4.4	Gevolgtrekking	29
2.5	SAMEVATTING	29
	 HOOFSTUK 3 : EMPIRIESE ONDERSOEK	31
3.1	INLEIDING	31
3.2	NAVORSINGSONTWERP	31
3.2.1	Die ontwerp van die vraelys	31
3.2.1.1	Die posvraelys	31
3.2.1.2	Voordele	32
3.2.1.3	Nadele	32
3.2.1.4	Konstruksie van die vraelys	32
3.2.1.5	Loodsondersoek	33
3.2.1.6	Finale vraelys	34
3.2.1.7	Administratiewe prosedures	34

3.2.2	Studiepopulasie	34
3.2.3	Statistiese tegniek	35
3.3	INTERPRETASIE VAN DIE DATA	35
3.3.1	'n Profiel van die response op die vrae in Afdelings A en B : Biografies-demografiese gegewens	35
3.3.2	'n Profiel van die response op die vrae in Afdeling C : Die rasionaal vir skoolreëls	38
3.3.3	'n Profiel van die response op die vrae in Afdeling D: Die samestelling en toepassing van skoolreëls	42
3.3.3.1	Sintese	49
3.3.4	'n Profiel van die response op die vrae in Afdeling E: Juridiese kundigheid ten opsigte van skoolreëls	49
3.4	SAMEVATTING	54
HOOFSTUK 4 : SAMEVATTENDE PERSPEKTIEFSTELLING		55
4.1	INLEIDING	55
4.2	SAMEVATTING	55
4.3	GEVOLGTREKKINGS	56
4.3.1	Gevolgtrekkings ten opsigte van die literatuurstudie	56
4.3.2	Gevolgtrekkings ten opsigte van die empiriese ondersoek	57
4.3.3	Riglyne vir die samestelling en toepassing van verantwoordbare skoolreëls	58
4.4	AANBEVELINGS	59
4.4.1	Aanbevelings ten opsigte van die ondersoek	59
4.4.2	Aanbevelings vir verdere navorsing	60
4.5	SLOTOPMERKING	61

BRONNELYS	.62
BYLAE A	
Brief aan Die Uitvoerende Direkteur van Onderwys, TOD	.69
BYLAE B	
Toestemmingsbrief van Die Uitvoerende Direkteur van Onderwys, TOD	.71
BYLAE C	
Begeleidende brief aan skoolhoofde	.74
BYLAE D	
Vraelys	.77

LYS VAN FIGURE EN TABELLE

LYS VAN FIGURE

FIGUUR 2.1

Die Suid-Afrikaanse regspraktyk	5
---	---

LYS VAN TABELLE

TABEL 3.1

Vraelyste uitgestuur en terugontvang	34
--	----

TABEL 3.2

Biografiese en demografiese gegewens van hoofde	36
---	----

TABEL 3.3

Die rasionaal vir skoolreëls	38
--	----

TABEL 3.4

Die samestelling en toepassing van skoolreëls	42
---	----

TABEL 3.5

Juridiese kundigheid ten opsigte van skoolreëls	50
---	----

SUMMARY

AN EVALUATION OF SCHOOL RULES IN THE PRIMARY SCHOOLS OF THE TED

By means of a literature study certain criteria for the compiling and implementation of school rules were established. It was further determined what the main purpose, advantage and disadvantage of school rules could be.

An emperical study was conducted at selected primary schools of the TED by means of a questionnaire to establish to what extent the criteria, established by the literature study, had practical application. The data thus collected were analysed and certain conclusions were arrived at.

Lastly, certain deductions were made about the standing of school rules in primary schools of the TED. Certain recommendations regarding the position of school rules in the future were also made.

OPSOMMING

'N EVALUERING VAN SKOOLREËLS IN DIE PRIMÊRE SKOLE VAN DIE TOD

Deur middel van 'n literatuurstudie is daar vasgestel wat die kriteria vir die samestelling en toepassing van skoolreëls is. Verder is daar vasgestel wat die hoofdoelwit, voordele en nadele van skoolreëls is.

'n Empiriese ondersoek is deur middel van 'n vraelys by geselekteerde Transvaalse primêre skole onderneem om vas te stel of die kriteria, soos in die literatuurstudie geïdentifiseer, wel in die praktyk lewensvatbaar is. Die data wat versamel is, is verwerk en sekere afleidings is daaruit gemaak.

Ten slotte is daar sekere gevolgtrekkings oor die algemene toestand van skoolreëls in Transvaalse primêre skole gemaak. Daar is ook sekere aanbevelings gemaak oor die posisie van skoolreëls in die toekoms.

HOOFSTUK 1

'N EVALUERING VAN SKOOLREËLS IN DIE PRIMÊRE SKOLE VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

1.1 INLEIDING

Die samestelling en toepassing van skoolreëls wat leerlinggedrag reguleer, is een van die bestuursareas waaraan die onderwysleier (skoolhoof) aandag moet gee. Die samestelling en toepassing van skoolreëls is een van die onderwysleier se direkte kontakareas met die leerlinge en die ouers. Dit is dus noodsaaklik dat skoolreëls volgens aanvaarde opvoedkundige en juridiese norme saamgestel en toegepas word.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Verskeie skrywers, by name Van Wyk (1986), Prinsloo en Beckmann (1987), Bray (1988), Oosthuizen en Bondesio (1988), en Bray, van Wyk en Oosthuizen (1989) het in hulle boeke klem gelê op die belangrikheid van die juridiese aspekte binne die opvoedende onderwysarena. Die Transvaalse Onderwysdepartement bied ook in sy oriënteringskursus vir skoolhoofde van primêre skole 'n afdeling oor Onderwysreg aan (Archer, 1986). In hierdie afdeling word meer spesifiek aandag gegee aan die juridiese sy van die onderwys as professie. Van Wyk (1986:128) onderstreep die aktualiteit van die saak as hy sê dat die juridiese aspek van die onderwys vir die onderwyser net so belangrik is soos die demografiese, maatskaplike en ekonomiese aspekte daarvan. Pretorius (1983: 118) het deur middel van navorsing gevind dat skoolhoofde 'n gebrekkige kennis van die juridiese faset van opvoedende onderwys het.

Een van die aspekte van die juridiese binne die opvoedende onderwys wat in sigself in die onderwyspraktik manifesteer is skoolreëls wat leerlinggedrag reguleer. As 'n basis vir opvoedkundige/juridiese geldigheid is daar 'n aantal vereistes en kriteria waaraan skoolreëls moet voldoen. Die feit dat die onderwysleier (skoolhoof) as verantwoordelike persoon moet sorg dat die skoolreëls in sy skool, benewens opvoedkundige kriteria

ook aan sekere juridiese geldigheidskriteria voldoen, maak dit gevolglik noodsaaklik dat hy in staat moet wees om die geldigheidskriteria van skoolreëls ook te kan evalueer.

Koerantopskrifte soos “Skool knip en nou gaan hare waai” (Anon, 1988), “Seun dien klag teen hoof in” (Van der Merwe, 1988) en “Seun kry skadevergoeding vir pyn en lyding na oordrewe pakslae (*sic*)” (Altern, 1992) is aanduidings van die moontlikheid dat, as daar by die samestelling en toepassing van skoolreëls nie deeglik van die geldigheidskriteria kennis geneem word nie, die onderwysleier moontlik in die hof tot verantwoording geroep kan word vir sy optrede in dié verband.

Voortvloeiend hieruit kristalliseer die volgende probleemvrae:

- Wat is die geldigheidskriteria vir die samestelling en toepassing van skoolreëls?
- Hoe voldoen bestaande skoolreëls aan hierdie kriteria?

1.3 DOEL MET DIE NAVORSING

Die doel met die navorsing is om te bepaal

- watter geldigheidskriteria daar vir die samestelling en toepassing van skoolreëls bestaan, en
- of bestaande skoolreëls aan hierdie kriteria beantwoord.

1.4 METODE VAN NAVORSING

1.4.1 Literatuurstudie

Primêre en sekondêre bronne is gebruik om enkele opvoedkundige en juridiese geldigheidskriteria en vereistes vir die samestelling en toepassing van skoolreëls vas te stel. Inligting wat versamel is, is deeglik bestudeer en geëvalueer waarna daar tot enkele gevolgtrekkings gekom is.

’n “Eric”-soektog is onderneem met behulp van die volgende trefwoorde: “School law - School policy - School rules - Court litigation - Student rights - Educational legislation”.

1.4.2 Empiriese ondersoek

1.4.2.1 Vraelys

'n Gestruktureerde vraelys is aan onderwysleiers voorgelê om te bepaal in welke mate hulle die juridies-opvoedkundige kriteria vir die samestelling en toepassing van skoolreëls in ag neem by die samestelling en toepassing van skoolreëls.

1.4.2.2 Populasie en steekproef

Blanke primêre skole in Transvaal is vir die ondersoek gebruik. 'n Gestratifiseerde sistematiese steekproeftrekking is gebruik om die primêre skole in Transvaal te selekteer (N=395).

1.4.2.3 Statistiese tegniek

Die vraelysdata is ingesleutel en verwerk met behulp van 'n hoofraamrekenaar van die PU vir CHO. Daar is deurgaans gebruik gemaak van 'n SAS- ("Statistical Analysis System"-) rekenaarprogrammpakket vir die verwerking van die data (SAS Institute Inc., 1985.)

1.5 HOOFSTUKINDELING

- 1 : Oriëntering
- 2 : Die aard en wese van skoolreëls
- 3 : Empiriese ondersoek
- 4 : Samevatting, bevindings en aanbevelings

1.6 SAMEVATTING

Die doel met die studie is om vas te stel

- wat die toestand aangaande die samestelling en toepassing van skoolreëls in Transvaalse primêre skole is, en
- in watter mate die onderwysleiers oor die nodige kennis en begrip beskik om 'n saak te hanteer wat by die dag belangriker word.

HOOFSTUK 2

DIE AARD EN WESE VAN SKOOLREËLS

2.1 INLEIDING

Een van die take van die onderwysleier (skoolhoof) is om die onderwysgebeure in die skool so te reël dat opvoedende onderwys in 'n geborge en geordende klimaat voltrek kan word.

Een van die hulpmiddels tot sy beskikking in die bestuurshandeling is skoolreëls. Die onderwysleier moet dus skoolreëls saamstel om die leerlinge se gedrag te reguleer en te orden. Die reëlsisteem by 'n skool kan gebaseer word op verskeie bronne, onder andere didaktiese, opvoedkundige en juridiese bronne.

In hierdie hoofstuk sal eerstens 'n oorsig oor die sistematiese indeling van die Suid-Afrikaanse regspraktyk gegee word en die geregtelike aard van skoolreëls bepaal word. Daarna sal die verhouding tussen die onderwysleier en skoolreëls ondersoek word. Vervolgens sal twee van die samelewingsverbande wat by die skoolsituasie en die samestelling van skoolreëls betrokke is, naamlik die skool en die gesin, bespreek word. Daarna sal die doelwit van skoolreëls en die voor- en nadele van skoolreëls onder die loep gebring word. Laastens sal die opvoedkundig-juridiese geldigheidskriteria vir skoolreëls en die kriteria vir die toepassing daarvan uiteengesit word.

2.2 WETGEWENDE BEHEER


2.2.1 Opmerking

Om skoolreëls doeltreffend te kan evalueer, is dit nodig om die faktore wat 'n invloed op skoolreëls het van naderby te beskou. Die faktore is opvoedkundig, didakties en juridies van aard. Om die juridiese faktore in die regte perspektief te stel, is dit noodsaaklik om na die Suid-Afrikaanse regspraktyk, en die plek van Onderwysreg in die regspraktyk te kyk.

2.2.2 Die Suid-Afrikaanse regstruktuur

Die Suid-Afrikaanse regspraktyk bestaan uit drie hoofvertakings, naamlik Privaatreg, Publiekreg en Formele Reg. Onderwysreg resorteer, volgens Bray, onder Publiekreg. Publiekreg kan verder onderverdeel word in Staatsreg, Administratiefreg, en Strafrege (vergelyk Figuur 2.1). Onderwysreg vorm in Suid-Afrika 'n deel van Administratiefreg (Bray, 1988:6; Oosthuizen, 1989:1; Archer, 1986:3). In hierdie studie is daar dan ook aanvaar dat Onderwysreg binne die terrein van Administratiefreg val.

FIGUUR 2.1 DIE SUID-AFRIKAANSE REGSPRAKTYK (Bray, 1988:6)



Administratiefreg sluit die optrede, organisasie en bevoegdhede van die staatsadministrasie in. Die werksaamhede van die onderwysdepartemente (insluitende die provinsiale onderwysdepartemente), die professionele onderwysberoepsrade, skoolrade, onderwyskomitees, streek-skoolrade en skole ressorteer onder die Administratiefreg (Bray, 1988:8). Die Publiekreg, in die besonder die Administratiefreg, reël dus die totstandkoming van onderwyswetgewing.

Vervolgens sal die oorsprong, vorme, en inhoudelike aspekte van onderwys- en departementele wetgewing ontleed en bespreek word.

2.2.3 Vorme van onderwyswetgewing

Ten einde aan te toon wat wetgewing, departementele wetgewing en kwasie-wetgewing is, is dit nodig om op die toepaslike onderwysregsbronne te let.

2.2.3.1 Parlementêre wetgewing

Oosthuizen en Bondesio (1988:21) meen dat wetgewing die resultaat van 'n handeling is waardeur wette deur 'n parlement gemaak word. 'n Voorbeeld van sodanige wetgewing is die Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet 70 van 1988). Alle ondergeskikte wetgewing, soos regulasies, reëls, handleidings en voorskrifte moet binne die bepalings en beperkings van die parlementêre wetgewing saamgestel word (Pretorius, 1988:14).

2.2.3.2 Ondergeskikte wetgewing

2.2.3.2.1 Onderwysregulasies

Die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) No. 70 van 1988 en sy verbandhoudende *regulasies* (Regulasiekoerant No. 4475, 30 Maart 1990) maak in sy bepalings voorsiening vir die samestelling van hierdie regulasies.

Die Minister van Onderwys (Eiesake) vaardig kragtens die Wet op Onderwysaangeleenthede (No. 70 van 1988) regulasies met betrekking tot onderwys uit (Bray, 1988:12). Regulasies is in werklikheid ondergeskikte wetgewing (Potgieter, 1987:10). Hierdie bevoegdheid om regulasies uit te vaardig, stel die betrokke minister in staat om uitvoering te gee aan die breë beginsels, soos in die Wet neergelê, deur dit in meer detail uit te werk en by wyse van regulasie uit te vaardig (Pretorius, 1988:13).

2.2.3.2.2 Departementele wetgewing

Departementele wetgewing kan beskou word as interne ondergeskikte wetgewing en word soms as kwasie-wetgewing bestempel (Rabie & Van Zyl Smit, 1989:74). Dit is intern, omdat dit slegs binne die betrokke onderwysdepartement van 'n bepaalde geografiese gebied geld. Die wetgewing is ondergeskik, omdat dit nooit strydig met die Wet op Onderwysaangeleenthede kan wees nie. Die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volks-

raad) No. 70 van 1988 en sy verbandhoudende regulasies (Regulasiekoerant No. 4475, 30 Maart 1990) brei die bevoegdhede van die Uitvoerende Direkteur van Onderwys om prosedures daar te stel aansienlik uit (Anon, 1990:2). Die Direkteur werk oorhoofse riglyne (prosedures) uit om uitvoering te gee aan die voorskrifte soos in die Regulasies vervat (Erasmus, 1985:3).

Departementele wetgewing sluit handleidings, omsendskrywes, omsendminute, en ander voorskrifte in (Bray, 1988:12).

□ Handleiding

'n Handleiding is 'n dokument wat deur die betrokke onderwysowerheid aan die onderwysleier beskikbaar gestel word. In die Handleiding vir Algemene Skooladministrasie (TOD, 1986) word die onderwysleier voorsien van riglyne ten opsigte van die algemene bestuur van die skool. Die handleiding is ingedeel in afdelings oor sake soos skoolsport- en skoolkultuuraktiwiteite (Hoofstuk 23), dissiplinêre maatreëls (Hoofstuk 4) en veiligheid van leerlinge (Hoofstuk 14).

□ Omsendskrywes en omsendminute

Omsendskrywes dek algemene administratiewe aangeleenthede. Omsendminute handel oor professionele aangeleenthede en professionele take (Oosthuizen, L., 1990). Omsendskrywes en omsendminute is die skriftelike departementele kommunikasie met die onderwysleier. Die inhoudelike van die omsendskrywes of omsendminute kan toevoegings tot die Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie wees. So byvoorbeeld bevat Omsendminuut 8 van 1988 'n toevoeging van aspekte rakende die veiligheid van leerlinge. Dit word van die onderwysleier verwag om van hierdie toevoegings kennis te neem en dit te implementeer.

Omsendskrywes en omsendminute kan verder ook inligting van algemene belang vir die skoolbestuurder en sy onderwysers bevat, soos byvoorbeeld Omsendminuut 74/88: Simposium vir Hoofseuns en -Dogters, en Omsendbrief OB31/88 Kind-in-verkeer Program (Anon, 1989a). Die inligtingstukke bevat gewoonlik ook instruksies vir die hantering en toepassing van hierdie inligtingstukke. 'n Instruksie in dié verband kan wees dat die personeel deur die ondertekening van die omsendskrywe kennis moet neem van die inhoud.

2.2.3.3 Skoolbeleid

Skoolbeleid kan bestempel word as daardie riglyne wat dien as gids vir die optrede van individue en groepe (Van Wyk, 1987:56). Baxter (1984:80) sien beleid as 'n algemene plan van aksie wat ontwerp word om 'n kollektiewe doelwit van 'n groep te beskerm of te bevorder. Beleid kan ook beskryf word as die dokument wat beginselsake bevat (Van Wyk, 1985:96). Jowell (1973:200) beskryf beleid as die breë riglyne wat neergelê word ter bereiking van doelwitte, byvoorbeeld om veilige bestuur te bevorder.

Die skoolbeleid word deur die onderwysleier en sy topbestuur saamgestel na aanleiding van die departementele handleiding en ander aspekte wat vir die onderwysleier van belang is vir die effektiewe bestuur van die skool, soos byvoorbeeld administratiewe optrede deur onderwysers en onderwyseroptrede teenoor die ouers en die onderwysdepartement. Deur die skoolbeleid word grense afgebaken waarbinne 'n besluit geneem moet word sodat die besluit in ooreenstemming is met, en 'n bydra lewer tot die bereiking van die doelstelling van die skool (Potgieter, 1987:48). Van Wyk (1989:2) sê verder dat die implementering van skoolbeleid slegs kan geskied indien dit in praktykgerigte skoolreëls gedetailleer word.

Skoolbeleid is dus die oorkoepelende dokument wat oorhoofse riglyne neerlê ten opsigte van, onder andere, 'n personeelgedragskode en leerlinggedrag. Omdat skoolbeleid breë riglyne bevat, is dit egter nodig dat die onderwysleier die skoolbeleid konkretiseer en verfyn na skoolreëls wat betrekking op die gedrag van die onderwysers en gedragsreëls vir die leerlinge het. Skoolreëls is minder buigbaar en elasties en meer spesifiek as skoolbeleid. So byvoorbeeld kan 'n skoolbeleid as algemene riglyn bepaal dat alle leerlinge en onderwysers te alle tye netjies geklee moet wees. 'n Skoolreël sou in dié geval meer spesifiek wees en bepaal dat mansonderwysers dasse moet dra en dat dames nie plakkies mag dra nie. In die geval van leerlinge sou 'n skoolreël byvoorbeeld swart leerskoene en 'n korrekte haarlengte kon stipuleer.

Vervolgens sal skoolreëls met betrekking tot leerlinge in meer detail bespreek word en die onderwysregtelike posisie van skoolreëls aangedui word.

2.2.3.4 Skoolreëls as interne wetgewing

Die skoolreëls onder bespreking is spesifieke voorskrifte wat deur *leerlinge* nagekom moet word met betrekking tot byvoorbeeld skooldrag, haarlengte en juwele. In reëls word daar nie vir eie oordeel of interpretasie voorsiening gemaak soos by beleid nie

(Van der Westhuizen, 1990:155). Reëls kan ook beskryf word as die middel waardeur beleid geïmplementeer word (Van Wyk, 1985:96). Dit kan ook beskou word as die voorskrifte vir die toepassing van beleid (Jowell, 1973:200). Pretorius onderskei tussen 'n reël en 'n regulasie. Hy beskou 'n regulasie as 'n voorskrif wat sy oorsprong buite die betrokke skooladministrasie het. 'n Reël is 'n voorskrif wat op hierdie regulasie gebaseer en deur die betrokke skool self geïnisieer word (Pretorius, 1988:13).

Ferreira (Onderhoud, 1990) beskou 'n skoolreël as die konkretisering en presisering van 'n riglyn wat vaag en wyd geformuleer is.

Skoolreëls kan bestempel word as 'n vorm van interne ondergeskikte wetgewing. Skoolreëls is *ondergeskik*, omdat dit nie strydig mag wees met die wetgewende voorskrifte wat op die verskillende vlakke uitgevaardig word nie. Dit is *intern*, omdat dit slegs vir daardie spesifieke skool geld.

Van Wyk (1985:135) verklaar dat skoolreëls in werklikheid ondergeskikte wetgewing is. Die skoolreëls word as ondergeskikte wetgewing beskou, omdat dit deur regulasies onderskryf word. Sommige skoolreëls word byvoorbeeld deur die onderwysleier ingestel om die verloop van die skoolgebeure te vergemaklik, soos byvoorbeeld leerlingverkeer tydens klaswisseling (Bray, 1988:14).

Skoolreëls kan dus oor die algemeen beskou word as ondergeskikte interne wetgewing wat slegs deur die onderwysleier ingestel en toegepas kan word by die skool waar hy in beheer is.

Opsommend kan die totstandkoming van skoolreëls dus soos volg uiteengesit word:

Die beginpunt of oorsprong is die Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet No. 70 van 1988). Verskeie artikels in die Wet, byvoorbeeld Artikels 19, 107 en 112 magtig die Minister van Onderwys om sekere regulasies uit te vaardig. Op grond van hierdie magtiging het die betrokke Minister in die Staatskoerant (Regulasiekoerant No. 4475, Maart 30 1990) 'n aantal regulasies uitgevaardig. Artikel 107 van bogenemde Wet ken aan die betrokke Minister sowel as die Uitvoerende Direkteur van Onderwys gedelegeerde gesag toe om regulasies en ander voorskrifte uit te vaardig. Die Uitvoerende Direkteur vaardig prosedurereëlings, ingevolge die Regulasies soos vervat in die handleiding vir skooladministrasie (TOD), uit waarin die ministeriële regulasies verfyn en uitgebrei word. Die handleiding dien as 'n aanvullende bron vir die daarstelling van 'n skoolbeleid deur die onderwysleier. Ter uitvoering van die skoolbeleid word skoolreëls saamgestel.

2.2.4 Gevolgtrekking

Die gegewens soos hierbo gekonstateer, dui dus daarop dat skoolreëls benewens 'n opvoedkundige basis ook 'n juridiese basis het en dat die onderwysleier die feite altyd in gedagte sal moet hou as hy met sy skool se skoolreëls te make het.

2.3 SKOOLREËLS

2.3.1 Inleiding

Dit is die plig van die onderwysleier om die gebeure en handeling by sy skool te orden. De Wet (1980:114) stel dit dat die onderwysleier verantwoordelik is vir die beplanning van sy eie spesifieke skool binne die raamwerk van die breër beleid en beplanning van die makro- en mesovlak. Die onderwysleier moet kennis dra van die heersende onderwysbeleid soos deur die staat en die onderwysowerheid neergelê. Dit is dus noodsaaklik dat hy die nodige reëls daar sal stel om die orde teweeg te bring. Die onderwysleier, as uitvoerende amptenaar in die administratiewe proses, moet alle departementele beleidsdokumente en departementele omsendskrywes in ag neem in die uitoefening van sy taak (Oosthuizen, 1989:1).

Reid et al. (1988:135) stel dit dat die skoolhoof verantwoordelik is vir die stelsel/sisteem wat moet sorg dat die skoolorganisasie glad verloop. Die hoof moet die stelsel monitor om te verseker dat alles glad verloop.

Uit bostaande is dit dus duidelik dat daar 'n plig op die onderwysleier rus om te sorg dat sy skool oor skoolreëls sal beskik wat die leerlinge se gedrag sal reguleer. Die onderwysleier is met 'n sekere mate van gesag en selfbeslissingsreg toegerus, maar hy moet ook verantwoording doen aan gesagsdraers hoër op in die hiërargie. Vir doeltreffende werkverrigting is hy verplig om die regulasies en voorskrifte van die departement toe te pas en uit te voer (Van Kradenburg, 1985:13).

Partington, soos aangehaal deur Prinsloo en Beckmann (1987:165), sê dat 'n skool skoolreëls nodig het om te verseker dat die skool 'n veilige en ordelike plek vir kinders is. Prinsloo en Beckmann (1987:165) sê verder dat die skool nie 'n veilige plek kan wees en opvoeding nie kan geskied as daar nie duidelike riglyne bestaan waarbinne die skool bestuur word nie.

As die onderwysleier 'n effektiewe en doelmatige reëlsisteem by sy skool ingestel het, sal dit die moontlikheid van verskille oor interpretasies van gevalle van beweerde nalatigheid, uitskakel (Reid et al., 1988:135). Die personeel sal dan weet hoe om korrek teenoor leerlinge op te tree om sodoende moontlike klagtes van nalatigheid teenoor leerlinge te voorkom.

Omdat die skool nie in isolasie funksioneer nie, is daar in die skool se gemeenskaps-omgewing sekere persone, instansies en samelewingsverbande wat 'n aanspraak het op die wyse waarvolgens die skool bestuur word. Die gesin as samelewingsverband het 'n funksie om in samewerking met die onderwysleier insette te lewer vir die effektiewe bestuur van die skool.

Vervolgens sal die gesin en skool as samelewingsverbande bespreek word. Daar sal gewys word op die wedersydse invloed wat hulle op skoolreëls het.

2.3.2 Samelewingsverbande

2.3.2.1 Opmerking

Die skool en die gesin is die hoofkomponente in die kind se leefwêreld. As die skool en gesin ten opsigte van die opvoedingsklimaat, hulle waardestelsel, norm en strewe van mekaar verskil, sal dit die kind totaal verwar (Bredenkamp, 1986:8).

Bogenoemde som die noue verhouding en die opvoedingsverband tussen die gesin en die skool op. Die onderwysleier moet dus in sy optrede by die skool altyd die rol in ag neem wat die ouers kan en moet vertolk. Een van die bestuursareas waar die ouers wel 'n bydra kan lewer, is by die samestelling en toepassing van skoolreëls.

2.3.2.2 Gesin

Die primêre samelewingsverband wat betrokke is by die skool, is die gesin. Die gesin is die verband waarin ouers en hulle kinders in liefde en geregtigheid saamleef (Barnard, 1984:195). Ouers het belang by die skool, omdat dit die plek is waar hulle kinders verder en volledig ontsluit word. Die ouer se opvoedingsverantwoordelikheid neem nie af of hou nie op sodra die kind skool toe gaan nie. Inteendeel, sy opvoedingsverantwoordelikheid word groter (Bredenkamp, 1986:2).

Die skool is aangewese op die ouers se versorgings- en primêre opvoedingsfunksie. Van der Walt (1983:27) beweer dat die ouers eers self die opvoedingstaak verrig, maar dat die skool later oorneem. Weens 'n gebrek aan professionele opleiding kan die ouers die akademiese opvoeding van hulle kinders net tot op 'n sekere vlak voer. Die ouers beskik nie oor vakkennis of didaktiese vaardighede nie, en daarom is hulle op die skool aangewese om die kind akademies verder op te voed (Oosthuizen, 1990:74).

2.3.2.3 Die skool

Van der Walt et al.(1985:260) beskryf die skool as 'n eiesoortige, Godgewilde samelewingsverband van nie-institutêre aard, aangesien dit sy ontstaan aan 'n vrywillige assosiasie van persone te danke het.

Die skool is dus in die loop van die geskiedenis deur die mens, in uitvoering van sy kultuuroopdrag, gestig. Die skool is op die historiese aspek van die werklikheid gefundeer. Volgens Van Schalkwyk (1986:3) is die taak van die skool as samelewingsverband tweeledig. Die primêre taak in die skool is 'n funksionele taak, naamlik die voorsiening in die behoeftes van die gemeenskap. Dit behels die volgende:

- Ontsluiting van die leerling.
- Ewewigtige en gebalanseerde ontwikkeling van die leerling.
- Die gedifferensieerde ontwikkeling van die leerling.
- Die waardebepalende ontwikkeling van die leerling.

Die tweede taak in die skool is die bestuurstaak. Dit is hier waar die onderwysleier aandag aan alle bestuursaspekte van die skool moet gee.

2.3.2.4 Skool/gesin se opvoedingsverwantskap

Die huis en skool is vennote in die opvoedingstaak. Daarom moet hulle mekaar onderskraag en aanvul (De Witt, 1979:159). Die skool sien sy rol in die opvoeding van die kind as 'n vennoot en nie as 'n plaasvervanger nie. Die ouer moet geken word in enige besluit wat die opvoedingsinhoud radikaal sal verander (Stone, 1988:9). Payne (1986:6-7) sê dat daar tussen die ouer en die skool konsensus oor die opvoedingsdoel moet wees. Daar moet ook konsensus wees oor die aanvaarde gedragsnorme. Die skool het die plig om 'n gesonde opvoedingsklimaat daar te stel sodat 'n veilige milieu geskep word waar die kind se selfvertroue kan gedy. Oosthuizen en Bondesio (1988:11) sê die

ouer het ook sekere verwagtinge met betrekking tot die peil van onderrigdifferentiasie en die regverdige hantering van sy kind.

Betekenisvolle wedyersydse kontak tussen die ouers en die skool kan op die volgende wyses geskied (Stone, 1984:17,18):

- Kontak volgens doel
Dit kan individueel wees; dus gerig op die enkele kind of gesin, of kollektief wanneer 'n aantal ouers ten opsigte van gemeenskaplike opvoedingsaangeleenthede voorgelig word.
- Kontak volgens benaderingswyse
Dit kan mondeling of skriftelik wees.
 - Mondeling-individuele kontakvorme is byvoorbeeld huisbesoek, klasbesoekaande, afspraak met die onderwysleier of 'n onderwyser.
 - Mondeling-kollektiewe kontak is inligtingsaande, leerlingkonserte en forumaande.
 - Skriftelik-individuele kontak sluit skoolrapporte en persoonlike korrespondensie in.
 - Skriftelik-kollektiewe kontakvorme sluit die skool se omsendbrief en skoolkoerant of nuusbrief in.
- Kontak volgens organisasie
Hier moet onderskei word tussen 'n statutêre organisasie, soos die bestuursraad by die openbare skool of die bestuursliggaam by die staatsondersteunde skool waarvan die funksieterrein statutêr bepaal is, en 'n vrye nie- statutêre organisasie, soos die Afrikaanse Ouervereniging. Hierdie organisasies bestaan by alle skole, en dit kan dien as 'n kanaal waardeur die ouers die skool kan bereik en omgekeerd.

Deur middel van die bogenoemde kontakwyses kan die onderwysleier dus ruimskoots gebruik maak van ouerdeelname om hulle siening in verband met sekere aangeleenthede rakende die skool te bepaal. Die samestelling en toepassing van skoolreëls kan een van die areas wees waar die ouers en die skool kan ooreenkom.

Die ouers, onderwysers en voogde het bevoegdheid om gesag te handhaaf. Die kind moet verplig word tot gehoorsaamheid. Die skool en die ouers het dus 'n gesamentlike taak in hierdie verband (Heaton, 1987:53). 'n Probleem wat in hierdie geval opduik, is dat ouers van die onderwysleier verwag om 'n dissiplineringsfunksie te vervul, maar aan die ander kant is ouers egter gou om te reageer as hulle van mening is dat die onderwysleier of onderwyser onredelik opgetree het (Cilliers, 1988:176). 'n Aspek van

die gesamentlike taak wat vir Carson en Owen (82:2) belangrik is, is dat die ouers en die onderwysleier moet saamstem oor die strategie om dissipline te handhaaf. Carson en Owen is verder van mening dat ouerlike inspraak in aspekte van klaskamerbestuur, soos byvoorbeeld dissiplinêre maatreëls, wel toegelaat kan word. Die ouers behoort ook hulle kinders aan te moedig om binne die voorgeskrewe skoolreëls op te tree. Indien die ouers nie met die skoolreëls tevrede is nie, kan hulle dit persoonlik of deur hulle ouerverteenwoordigers met die onderwysleier bespreek (Starfield, 1984:21).

Die skool as samelewingsverband moet ook aanpas by die veranderde sosiale, politieke, ekonomiese en kulturele veranderings waarin die skool bestaan (Angus, 1989:20). Angus voer verder aan dat die skool ook 'n groot invloed het op die sukses of mislukking van die leerling. Die bestuursfunksie van die skool moet dus ook aanpas by die veranderinge in die gemeenskap wat hy bedien (Angus, 1989:22).

'n Probleem kan egter ontstaan as die skool nie al die ouers in ag neem by die daarstelling van doelwitte en riglyne nie. Die vraag is egter of die skool sy "standaardouer" kan identifiseer. In kleiner gemeenskappe is dit nog moontlik, maar in groter gemeenskappe is dit egter 'n moeilike taak (Broudy, 1984:3).

In die verhouding tussen die skool en die gesin is wedersydse lojaliteit en openhartigheid noodsaaklik vir 'n effektiewe vennootskap.

Die onderwysleier se rol in die skool-ouergemeenskapverhouding is dat hy dit moet harmoniseer en koördineer (Oosthuizen, 1989:5). Die twee samelewingsverbande, naamlik die gesin en die skool, is afsonderlike samelewingsverbande wat nie op mekaar se terrein moet oortree nie, maar eerder tot voordeel van die kind moet saamwerk.

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik

- dat die twee samelewingsverbande (gesin en skool) wat hier bespreek is, wel 'n wedersydse invloed op mekaar het, en
- dat skoolreëls een van die terreine is waar hierdie twee samelewingsverbande mekaar kan beïnvloed.

Die rol van die onderwysbestuurder in die daarstelling en toepassing van skoolreëls sal vervolgens bespreek word. Aspekte wat behandel sal word, is die doelwitte en voor- en nadele van skoolreëls.

2.3.3 Die onderwysleier en skoolreëls

Die onderwysleier is weens sy bestuursposisie in 'n groot mate aanspreeklik vir die gevolge van opvoedkundige, didaktiese of juridiese gebeure by die skool (Oosthuizen, 1989:7). Met die samestelling en toepassing van skoolreëls moet hy dus bewus wees van wat die gevolge van die verkeerde optrede by die samestelling en toepassing van skoolreëls kan wees.

Dit is noodsaaklik dat die onderwysleier dit deel van sy professionele toerusting maak om te weet watter eise die reg aan hom as beoefenaar van sy professie stel (Prinsloo, 1989:27). Die onderwysleier het ook 'n plig om die wetlike vereistes ten opsigte van skoolreëls en die toepassing daarvan (byvoorbeeld lyfstraf) onder die aandag van sy personeel te bring (Carson & Owen, 1982:8). Die Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie (TOD) verplig trouens die onderwysleier om Hoofstuk 4 (lyfstraf) deeglik te bestudeer en periodiek met die personeel te bespreek (Handleiding, 1986:33). Die onderwysleier se bevoegdheid om skoolreëls op te stel en toe te pas, kom uit die volgende bronne:

□ Statutêre mandaat

Skoolreëls word kragtens statutêre magtiging uitgevaardig. Die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) No. 70 van 1988 en Regulasie 2 en 3 van Goewermentskennisgewing R.704 in Staatskoerant 4475 van 30 Maart 1990, betreffende die beheer van leerlinge by, skorsing en uitsetting van leerlinge uit, en toediening van ander strawwe aan leerlinge in, openbare skole (uitgesonderd nywerheid- en verbeteringskole), staatsondersteunde skole en koshuise, verplig die skoolhoof om skoolreëls in samewerking met die bestuursliggaam op te stel (RSA, 1988; RSA, 1990). Verder omskryf die Regulasies die wyse waarop skoolreëls saamgestel en goedgekeur moet word. Die onderwysleier wat skoolreëls saamstel en dit toepas, word met die nodige gesag beklee om die oortreders ingevolge die bevoegdheid te straf en sodoende dissipline te handhaaf en af te dwing (Prinsloo & Beckmann, 1987:169).

Die onderwysleier het ook 'n administratiewe en wetgewende taak wat onderskeidelik met die samestelling van die interne skoolbeleid en skoolreëls te make het (Bray, 1988:46). Bray sê verder dat die onderwysleier 'n sleutelposisie in die skool beklee, en dat hy wye interne wetgewende, kontrolerende en administratiewe bevoegdhede het, wat ooreenkomstig die skoolbeleid uitgeoefen word (Bray,1988:57.)

Die onderwysleier het dus die statutêre magtiging om skoolreëls in te stel en toe te pas, wat gevestig is op sy statutêre mandaat.

Aansluitend hierby is die onderwysleier se taak om orde in sy skool te skep (Groenewald, 1985:2). Dit is 'n kenmerk van die juridiese toepassing van skoolreëls dat dit orde skep. Groenewald (1986:3) sê verder dat die aard, struktuur en opvoedkundige funksie van die skool dit noodsaaklik maak dat daar skoolreëls is. Die onderwysleier behoort in sy bestuurstaak sy makrobeleid deur middel van interne skoolreëls te detailleer. Awender en Plantus (1983:37) dui daarop dat die Onderwyswet in Kanada die onderwysleier verplig om orde en dissipline in die skool te handhaaf — binne sowel as buite die klaskamer.

□ Regspraak

Hoewel dit die funksie van die hof is om reg te spreek en nie om as wetgewer op te tree nie, vloei daar uit die nakoming van hierdie plig dikwels nuwe reg voort (Van der Vyver & Van Zyl, 1982:109). Hofuitsprake het deur die jare sekere regsbeginnels voortgebring. Van die beginnels wat deur die hof vasgelê is, is ook op die onderwys van toepassing.

'n Voorbeeld van regspraak wat op die onderwys van toepassing is, is dié in die hofsake van *Rex versus Muller* waarin die regter daarop wys dat kinders by die skool, net soos by die huis, verplig is om enige wettige opdragte te gehoorsaam, onderdanig en hoflik te wees, respek vir die reg te hê en pligsgetrou te wees (R v Muller 1948 4 SA 848 (O)).

Ander hofsake en -uitsprake wat 'n invloed op die onderwysleier en skoolreëls het (Bray et al., 1989:32-40):

- Toesig oor koshuisleerlinge

Rusere versus The Jesuit Fathers 1970 4 SA 537 (RSC)

In hierdie hofsake het Rusere 'n eis teen die Jesuïete Vaders (die beheerliggaam van die skool) ingestel vir die permanente skade wat 'n agtjarige seun aan sy regteroog opgedoen het. Die ongeluk het voor aandete by die koshuis plaasgevind tydens 'n "Cowboys and Indians"-speletjie. Die seun is met 'n pyl in sy oog geskiet. Daar word beweer dat die onderwyser nie genoegsame toesig gehou het nie. Die regter het egter bevind dat toepaslike skoolreëls gegeld het, en dat die leerlinge gereeld teen sulke gevaarlike speletjies gewaarsku is. Verder het die regter ook daarop gewys dat die leerlinge nie gewoonlik die speletjie speel nie.

- **Speelgronddiens**

Knouwds versus Administrateur, Kaap 1981 1 SA 544(K)

In hierdie hofsak het Knouwds 'n eis namens haar dogter, Esther, ingestel teen die Administrateur van die Kaapprovinsie. Esther en 'n vriendin het voor die skool op die gras resies gehardloop. Die vriendin het Esther gestamp, sy het gestruik en teen die skool se grassnyer gebots. Sy het haar vinger sodanig beseer dit later geamputeer moes word. Die regter het in die loop van sy uitspraak verwys na 'n betrokke dokument wat 'n verpligting op die skoolhoof lê om voorsorgmaatreëls te tref. Hiervolgens moet hy sorg dra dat 'n aangeskakelde grassnyer nie onbeman gelaat word nie. Dit is in hierdie geval egter nie gedoen nie en daarom het die moeder se eis teen die Administrateur geslaag.

Die laasgenoemde saak wys op die geregtelike gevolge van pligsversuim deur die onderwyse-leier. Sorgsame toesig is van die allergrootste belang en kan slegs deur middel van effektiewe skoolreëls gerealiseer word. Uit die bogenoemde hofsake is dit ook duidelik dat die hof telkens op die noodsaaklikheid van behoorlike skoolreëls wys. Die onderwyse-leier moet sorg dat hy effektiewe skoolreëls daarstel en volgens aanvaarde norme toepas.

□ **Gemene Reg**

Gemene reg verwys na 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse regserfenis wat nie in wetgewing vervat is nie (Van Wyk, 1986:135). Bray (1988:18) beskou gemene reg as reg wat nie statutêr vasgelê is nie, maar opgeteken is in die werke van regsrywers en regspraak.

Die invloed van die gemene reg op die onderwyseleier en skoolreëls is dat hy (die onderwyseleier) die “in loco parentis”-beginsel soos dit in die gemene reg voorkom, moet toepas by die tugtiging, voorsorg en versorging van die skoolkind wat onder sy beheer geplaas is (Oosthuizen & Bondesio, 1988:67).

In die Suid-Afrikaanse onderwyssfeer word die volgende eienskappe van die “in loco parentis”-verhouding tussen die onderwyseleier en die leerling onderskei (Bray et al., 1989:44):

- Die plig van die onderwyseleier om op 'n behoorlike wyse sorgsame toesig oor die leerling uit te oefen.
- Die reg van die onderwyseleier om redelike straf toe te dien waar die leerling skool- of klasreëls oortree het.
- Die diskresionêre bevoegdheid van die onderwyseleier om dissiplinêr op te tree.

Om saam te vat:

Die onderwysleier se gesag om die skoolreëls toe te pas, berus op statutêre mandaat, regspraak en die gemene reg. Daar bestaan 'n verskeidenheid beginsels en voorskrifte vir die samestelling en implementering van skoolreëls. Dit is noodsaaklik dat die onderwysleier al hierdie beginsels en voorskrifte moet ken, en dat hy sy optrede daarvolgens moet beplan ten einde onnodige reperkussies te voorkom. Die onderwysleier se orde-skeppende taak bestaan daarin dat hy, met inagneming van kulturele, pedagogiese en juridiese riglyne, die opvoedkundige gebeure in die skool so tot 'n geheel moet orden dat opvoedende onderwys suksesvol kan plaasvind (Oosthuizen & Bondesio, 1988:13).

2.3.4 Die doel van skoolreëls

Die primêre doelwit van effektiewe skoolreëls is die verwesenliking van ordelikheid, regmatigheid en doeltreffendheid in die onderwys en die implementering van 'n lewensvatbare en funksionele skoolbeleid.

“Die reëls en norme wat die gedrag vir die gemeenskap bepaal, vind hulle uitdrukking in die reg wat die samelewing orden” (Anon, 1989b:1). Hierdie aanhaling som die posisie van skoolreëls op. Dit verwys na aspekte soos geregtigheid en regverdigheid, wat deur die onderwysleier by die samestelling van sy skool se reëls in ag geneem moet word. Die onderwys funksioneer nie in 'n regsrye gebied nie, omdat elke handeling op hierdie terrein 'n regsgrondslag het (Prinsloo, 1989:25). Om die gebeure in sy skool te reël en gesag te vestig, moet 'n onderwysleier gebruik maak van regsgefundeerde hulpmiddels soos skoolreëls.

'n Hele reeks komplementêre doelwitte van skoolreëls word deur skrywers soos Boulle (1986:144), Galligan (1976:335), Colquhoun (1986:5), Groenewald (1986:15), Pretorius (1983:3,4), Bernstein (1980:176) Oosthuizen, L (1990:4) en Van der Westhuizen & Oosthuizen (1989:747) genoem:

- Skoolreëls help met die ordening van die opvoedkundige gebeure in die skool na gelang van die lewens- en wêreldbeskouing van die gemeenskap waarbinne die skool funksioneer. Skoolreëls behoort 'n positiewe klimaat by die skool te skep deur inagneming van faktore soos kultuur, omgewing en ouderdom van die leerling. Die klimaat moet bydra tot suksesvolle uitlewing van opvoedende onderwys.
- Skoolreëls kan dit ten doel hê om die onderwysleier te help met die doeltreffende uitvoer van sy bestuursfunksie. Doeltreffende bestuur kan bereik word deur die daarstelling van skoolreëls met betrekking tot die regulering van leerlinggedrag.

Skoolreëls kan die onderwysleier ook help met die afhandeling van roetinesake, soos byvoorbeeld die reëling van saalbyeenkomste in die oggend.

- Skoolreëls verskaf voorskrifte ten opsigte van onderwyser-leerlingverhoudinge en optrede ter voorkoming van regsgekke. Dit is dus noodsaaklik dat skoolreëls ook aan juridiese vereistes voldoen.
- Skoolreëls reguleer die gedrag, optrede en interpersoonlike verhoudings van die onderwysers, leerlinge en administratiewe personeel. Die kommunikasiekanale en die verwagte optrede van die betrokkenes word deur skoolreëls uitgespel.
- 'n Verdere doelwit met skoolreëls is dat dit regsekerheid aan die betrokkenes moet verskaf. Regsekerheid is 'n fundamentele beginsel van die reg, naamlik die prinsiep dat 'n regsreël sodanig geformuleer moet word dat die leerlinge wat daaraan onderworpe is (en onderwysers wat dit moet toepas) presies moet weet wat van hulle verwag word. Die onderwyser kan nie as individu besluit hoe hy in 'n betrokke geval gaan optree nie. 'n Stel skoolreëls gee aan die onderwyser wat dit moet toepas 'n duidelike aanduiding van sy bevoegdhede en verpligting in dié verband.
- Skoolreëls help verder om geborgenheid te skep. Die geborgenheid of beskerming is daar om die onderwyser en die leerling se belange te beskerm. Die doel van skoolreëls is dus om sekuriteit en geborgenheid aan 'n persoon (onderwyser en/of leerling) te verskaf.

Vervolgens word daar gekyk na die voor- en nadele van skoolreëls. Alhoewel die skrywers waarna in hierdie verband verwys sal word hulle oog meer op algemene reëls het, word hulle menings hier op die skoolsituasie van toepassing gemaak.

2.3.5 Voordele van skoolreëls

Baxter (1984:91-93), Jowell (1973:189—191) en Jeevanantham 1986:58) se mening oor die algemene voordele van reëls word hier verreken.

- Skoolreëls wat duidelik geformuleer is, verhoog die mate van gelyke beregtiging teenoor oortreders. Hierdie konsekwente optrede word ook gehandhaaf deurdat gelyke strawwe vir gelyke oortredings in die vooruitsig gestel word. Die reël-toepasser moet sy diskresie in die toemeting van die straf gebruik.
- Skoolreëls is voorskrifte waardeur beleidsbesluite ten opsigte van leerlinge se gedrag en optrede geïmplementeer word. Dit verseker 'n balans tussen doelwit en optrede.

- Skoolreëls voorsien voorskrifte aan die hand waarvan die administratiewe optrede van 'n skool se bestuur beoordeel kan word. Wanneer daar chaotiese gedrag onder leerlinge is, kan dit in sommige gevalle daarop neerkom dat daar nie behoorlike skoolreëls geformuleer is nie. As daar nie behoorlike skoolreëls geformuleer is nie kan dit swak bestuur deur die onderwysleier tot gevolg hê. Skoolreëls beliggaam aangeleenthede waarby die ouers van die leerlinge 'n belang het. Duidelik geformuleerde skoolreëls kan 'n effek hê op die groeiende verantwoordelikheid van die skool teenoor die ouers. Omdat die ouers deesdae finansieel en andersins meer betrokke is by die gees en rigting van die skool, is hulle krities ingestel teenoor die gebeure by die skool.
- 'n Skool se effektiwiteit word verhoog deur die daarstelling van skoolreëls vir makliker beplanning. Skoolreëls kan help om daaglikse geroetineerde skoolaktiwiteite glad te laat verloop.
- Aangekondigde skoolreëls bevorder skoolorde daarin dat die leerkragte die skoolreëls behoort te ken en daarvolgens sal handel.
- 'n Leerkrag wat nie oor duidelik gedefinieerde reëls en rigtinggewende standaarde beskik nie, kan besluite neem wat tot spanning en stres lei. Hierdie probleem kan deur effektiewe skoolreëls voorkom word.
- Skoolreëlsisteme gee aan individuele leerkragte die gemoedsrus van korrekte optrede waarbinne hulle hulle persoonlikhede en bestuursvaardighede kan ontwikkel. Die onderwyser kan byvoorbeeld sy besluitnemingsvaardigheid ontwikkel deur middel van die skoolreëls wat hy gereeld moet toepas.
- Skoolreëls is 'n voorvereiste vir die geslaagde toepassing van dissipline in die skoolsituasie. 'n Leerling wat binne die neergelegde reëls optree, dui daarop dat hy gedissiplineerd is. Optrede van leerlinge buite die skoolreëls kan 'n bewys van ongedissiplineerdheid wees.

2.3.6 Nadele van skoolreëls

Baxter (1984:84) en Jowell (1973:192) se mening oor die algemene nadele van reëls kon soos volg op die skoolsituasie van toepassing gemaak word:

- 'n Rigiede toepassing van skoolreëls sonder die inagneming van die individuele leerling se omstandighede is kontraproduktief. Hiervolgens sou 'n leerling wat byvoorbeeld, as gevolg van 'n vervoerprobleem buite sy beheer, laat by die skool opdaag tegnies gesproke as ongedissiplineerd beskou word en dienooreenkomstig gestraf word. Daar word dus nie voorsiening gemaak vir die besondere omstandighede waaronder die betrokke oortreding begaan is nie. Rigiede skoolreëls neem

slegs die normale optrede en omstandighede van die massa in ag en nie die individuele optredes en uitsonderings binne die massa nie.

- Die bestaan van skoolreëls kan daartoe lei dat noudesette navolging van die reëls die leerkragte lei tot besluite wat in botsing is met die breë opvoedkundige doelstellings van die skoolreëls, byvoorbeeld om die kind te help om in sy totaliteit te ontwikkel.
- Skoolreëls bevat selde enige verduidelikings. Die doel met die daarstelling van skoolreëls word nie altyd aan die leerlinge verduidelik nie. Die leerlinge is dus in die duister waarom die reëls ingestel word.
- Daar word dikwels deur die onderwysleier aanvaar dat alle skoolreëls in sy skool “goeie” reëls is. In baie gevalle word skoolreëls saamgestel sonder enige leerlingdeelname.
- Skoolreëls kan onberedeneerde en meganiese amptelike optrede deur die onderwysers meebring. Die gesegde “Ek is jammer, maar dit is wat die reël sê”, word dikwels by skole gehoor. Die onderwyser is dus nie bereid om elke geval op meriete te behandel nie.
- Skoolreëls kan nie ingestel word om voorsiening te maak vir elke gebeurlikheid nie. Die onderwysleier kan nie alle moontlike optrede en gedrag van leerlinge vooruit bepaal nie. Skoolreëls kan dus nooit aanspraak maak op volledigheid nie.

2.3.7 Gevolgtrekkings

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat skoolreëls nie op 'n lukraak manier saamgestel kan word nie. Alhoewel daar voordele aan skoolreëls verbonde is, kan die nadele daaraan verbonde ook 'n besluit ten opsigte van die instelling van sommige skoolreëls, al dan nie, beïnvloed.

Hieruit voortvloeiend kom die kriteria vir die samestelling en toepassing van skoolreëls deur die onderwysleier ter sprake. Hy sal moet kennis dra van die vereistes, kenmerke, asook die voor- en nadele van reëls. Die reëls wat hy vir die skool daarstel, sal aan sekere geldigheidskriteria moet voldoen. Die kriteria moet opvoedkundig sowel as juridies verantwoordbaar wees.

2.4 OPVOEDKUNDIG-JURIDIESE KRITERIA VIR SKOOLREËLS

Met inagneming van die posisie van die onderwysleier en skoolreëls, soos uiteengesit, is dit nou noodsaaklik om kriteria vir die samestelling van skoolreëls te bespreek. Die

kriteria sal aandui dat die samestelling van skoolreëls nie op 'n lukraak wyse kan geskied nie. Skoolreëls van een skool kan ook nie sonder wysiging op 'n ander skool van toepassing gemaak word nie, omdat die onderwys en opvoedkundige milieu van skool tot skool verskil en skoolreëls slegs vir 'n spesifieke skool daargestel word.

2.4.1 Kriteria vir die samestelling van skoolreëls

Verskeie skrywers, insluitende Pretorius (1983:40, 41), Prinsloo & Beckmann (1987:170), Van Wyk (1986:146, 147), (1987:43), (1989:18), Bray (1988:143, 144), Prinsloo (1989:85) en Gorton (1983:339-343) lê kriteria neer wat in ag geneem behoort te word by die samestelling van skoolreëls.

- Skoolreëls ontstaan nie plotseling nie. As besluit word dat 'n skoolreël nodig is, word dit gewoonlik na 'n proses van beraadslaging deur die onderwysleier, sy personeel en die ouers van die betrokke skool saamgestel. Skoolreëls moet deur bevoegde persone saamgestel word. Hiermee word bedoel dat die onderwysleier uit hoofde van sy ampsplig 'n leidende rol moet speel.
- In die proses mag die onderwysleier nie sy bevoegdhede oorskry nie. Alle statutêre vereistes en departementele voorskrifte moet deur die onderwysleier in ag geneem word.
- Die voorskrifte in die skoolreëls mag nie op die statutêre en gemeenregtelike regte en voorregte van die kind inbreuk maak nie.
- Met die samestelling van skoolreëls moet 'n balans gehandhaaf word tussen doelgerigtheid en detail.
- Bestaande skoolreëls se doeltreffendheid moet geëvalueer word voordat nuwe reëls saamgestel word. By die wysiging van bestaande bepalings moet daar eers deeglik kennis geneem word van die bestaande bepalings. Slegs tersaaklike skoolreëls moet behou word; onnodige en ongewenste skoolreëls moet herroep word.
- Skoolreëls moet die terrein en omvang van hulle toepassingsgebied omskryf. Skoolreëls moet ook logies, duidelik en sistematies saamgestel word sodat leerlinge en onderwysers dit kan verstaan.
- Skoolreëls moet nie "oorreguleer" nie, maar slegs duidelik afgebakende kernareas met die noodsaaklike aspekte daaronder kort en bondig uiteensit. 'n Magdom fyn gedetailleerde aantal skoolreëls kan net lei tot 'n onnodige beperking van die leefruimte van die leerlinge.
- Die eiesoortigheid van die skool moet in ag geneem word by die samestelling van skoolreëls. Dit is daarom raadsaam dat oorleg gepleeg word met liggame wat die ouers verteenwoordig sodat die skoolreëls nie vreemd sal staan teenoor die agtergrond en omgewing nie. Regulasie 3 van Goewermenskennisgewing R.704

in Staatskoerant 4475 van 30 Maart 1990, betreffende die beheer van leerlinge by, skorsing en uitsetting van leerlinge uit, en toediening van ander strawwe aan leerlinge in, openbare skole (uitgesonderd nywerheid- en verbeteringskole) staatsondersteunde skole en koshuise, verplig trouens die onderwysleier om sy skool se skoolreëls op te stel in ooreenstemming met die bestuursraad by openbare skole (of die bestuursliggaam in die geval van staatsondersteunde skole) as verteenwoordiger van die ouers van die skool(RSA, 1990). In die geval van die openbare skool moet die skoolreëls wat saamgestel is, deur die betrokke superintendent goedgekeur word. By die staatsondersteunde skool word hierdie goedkeuring deur die betrokke bestuursliggaam gedoen.

- Nadat skoolreëls saamgestel is, moet dit aan die leerlinge en hulle ouers bekendgemaak word. Bekendstelling kan op verskeie maniere geskied, byvoorbeeld skoolreëls kan ingesluit word in die skoolprospektus wat aan die begin van die akademiese jaar aan die ouers beskikbaar gestel word. Dit moet skriftelik en mondeling aan leerlinge oorgedra word. Daar moet by die bekendstelling in ag geneem word dat sekere leerlinge nie oor die nodige leesvaardigheid beskik om skoolreëls te kan lees en te kan interpreteer nie. Genoegsame tyd moet verloop tussen die bekendstelling en die toepassing van die reëls. 'n Verandering in skooldrag kan nie vandag afgekondig word en môre toegepas word nie. Navorsing wat in die VSA gedoen is, toon dat 89,16% van die onderwysers wat ondervra is, bevestig het dat die skoolreëls in die klaskamer ten toon gestel is (Brown & Payne, 1988:3).
- Skoolreëls wat op skrif gestel behoort te wees, is onder meer skoolreëls wat belangrik is vir die opvoedkundige doelstellings van die skool en skoolreëls wat deur departementele voorskrifte voorgeskryf word.
- Skoolreëls moet as deel van die opvoedingshandeling by die skool voortdurend onder die aandag van die leerlinge gebring word.
- Die onderwysleier moet dus bewus wees van die juridiese aard van skoolreëls. Hy moet by die samestelling en uitleg daarvan poog om die omvang en gevolge daarvan teen die agtergrond van 'n regsomgewing te sien. Die feit dat skoolreëls juridies "gemeet" kan word, maak bogenoemde kriteria belangrik.
- Die onderwysleier moet met die samestelling van sy skool se reëls lewenservaring ("common sense") gebruik en die reëls tot 'n minimum beperk. Verder behoort hy die leerlinge hierby te betrek (Eberlein, 1980 :291). Rich (1988:263) sê as die onderwysleier leerlinge betrek by die samestelling van skoolreëls hy hulle begripsvermoë en die departementele voorskrifte in ag moet neem. Navorsing wat deur Vredevoe in die VSA gedoen is, toon dat die leerlinge in hulle siening van skoolreëls die verstaanbaarheid van die redes en die doel van die skoolreëls hoog aanslaan. Nog 'n faktor wat vir hulle belangrik was, is die deelname in die samestelling van die skoolreëls (Gorton,1983 :343.)

2.4.2 Kriteria vir die inhoudelike van skoolreëls

Skoolreëls kan wat die inhoudelike betref in die volgende kategorieë val (Van Wyk, 1981:92):

- Skoolreëls gefundeer op voorskriftelike departementele beleidsbepalings.
Dit sluit skoolreëls in wat deur die onderwysowerheid saamgestel word en onveranderd in die skool toegepas word, byvoorbeeld skoolreëls in verband met lyfstraf en skorsing (Groenewald, 1986:15). Ander skoolreëls wat ook in die kategorie val is die skoolreëls met betrekking tot die veiligheid van leerlinge en skoolbywoning.
- Skoolreëls gefundeer op aanwysende departementele beleidsbepalings
Breë algemene beleidsbepalings van die onderwysowerheid word deur die onderwyseier in meer besonderhede uitgewerk met inagneming van plaaslike omstandighede (Groenewald, 1986:15). Die skoolreëls moet aanpas by die algemene lewens- en wêreldbeskouing waarbinne die skool funksioneer. Dit sluit skoolreëls in oor aspekte soos ekstrakurrikulêre bedrywighede, klaswisseling, algemene gedrag en skooldrag. Die skoolreëls kan gewissel, gewysig en aangepas word na gelang van omstandighede.

Volgens skrywers soos Prinsloo en Beckmann (1987:170), Van Wyk (1986:146, 147) en Bray (1988:143, 144) is dit belangrik dat die volgende in ag geneem word wanneer daar oor die inhoudelike van skoolreëls besluit moet word:

- Skoolreëls mag nie in stryd met skoolbeleid wees nie. Aangesien skoolreëls gebaseer is op die skoolbeleid, kan teenstrydige skoolreëls in die toepassing daarvan botsende reaksies tot gevolg hê.
- Skoolreëls moet nie die onmoontlik uitvoerbare voorskryf nie. Die inhoudelike van die skoolreëls moet deur die reëltoepasser prakties toegepas kan word. Verder moet die leerlinge die reëls kan navolg en gehoorsaam. Dit moet dus nie onredelik wees nie. Indien skoolreëls nie afgedwing kan word nie, is dit doelloos en futiel.
- Die bevoegdheid om skoolreëls te maak, moet nie willekeurig of absurd uitgevoer word nie. Die wangebruik van die bevoegdheid deur die onderwyseier kan daartoe lei dat ondeurdagte skoolreëls ingestel word. Daarom moet die onderwyseier in die samestelling van die skoolreëls hom nie laat lei deur feite of oorwegings wat nie tersaaklik is nie. Tensy daar magtiging/rede bestaan, moet reëls nie teen leerlinge diskrimineer nie.

- Die stel reëls van die skool moet die mens in sy totaliteit in samehang met sy eindbestemming in ag neem. Skoolreëls behoort onder geen omstandighede afbreuk te doen aan die menswaardigheid van die persone vir wie dit geld nie — so ook nie tugmaatreëls nie.
- Daar behoort gedifferensieerde reëls vir skole vir normale sowel as gestremde leerlinge asook vir primêre en sekondêre fases saamgestel te word.
- Die onderwysleier moet sorg dra dat die inhoud van skoolreëls objektiewe maatstawwe insluit. Dit is nodig sodat die skoolreëls na aanleiding van die neergelegde maatstawwe geëvalueer kan word.

Benewens die bogenoemde kriteria noem Pretorius (1983:40,41) ook nog die volgende kriteria vir die inhoudelike van skoolreëls:

- In ooreenstemming met die doel van die opvoeding, naamlik om die opvoedeling normatief vir die wêreld te ontsluit en ook die wêreld normatief vir die kind, behoort skoolreëls gehoor te gee aan die oproep tot normatiewe ontsluiting.
- Skoolreëls behoort in ooreenstemming te wees met die stand van kultuurontwikkeling by die leerlinge op wie dit van toepassing is. Die bestemmingsfunksie van die skool, naamlik die opvoedende onderwys, behoort alle skoolreëls wat in die skool geld, te kwalifiseer.
- Die soewereiniteit in eie kring van die skool vereis dat skoolreëls skooltipes sal wees en nie die soewereiniteit in eie kring oorskry en op die terrein van ander verbande, byvoorbeeld die ouerhuis, oortree nie.
- Skoolreëls moet relasioneel tot die skoolverband wees, aangesien die deur Godgeleegde gesag van die opvoeder, relasionele opvoederlike skooltipes gesag is.

Die bogenoemde inligting toon aan dat die onderwysleier baie faktore in ag moet neem by die oorweging van wat hy by sy skool se reëls wil insluit.

2.4.3 Kriteria vir die toepassing van skoolreëls

Wanneer die skoolreëls volgens aanvaarbare kriteria saamgestel is en aan die leerlinge bekendgestel is, volg die toepassing van die skoolreëls. Die onderwysleier moet in die toepassing en optrede teenoor beweerde oortreders van die skool se reëls, sekere basiese beginsels, juridies en opvoedkundig, toepas.

Die optrede teen leerlinge wat na bewering 'n skoolreël oortree het, het drie elemente: die vasstel van die feite, die evaluering daarvan in die lig van die skoolreëls, en die

toepassing van die relevante skoolreël op die feite. Daar moet vasgestel word of die feite van die saak deur 'n spesifieke skoolreël gedek word. (Ganz, 1972:215.)

Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie beveel aan dat die onderwysleier die ondersteuning van ouers en leerlinge verkry in die toepassing van skoolreëls. Enige stappe om skoolreëls deur wetlike gesag (byvoorbeeld 'n hofgeding) af te dwing, behoort die laaste uitweg te wees. Verder moet die onderwysleier in die toepassing van skoolreëls wat tot straf lei, sorg dra dat dit so gedoen word dat die onderwysdepartement nie in die verleentheid gestel word deur moontlike hofgedinge wat op die straf kan volg nie. (Suid-Afrikaanse Onderwysersunie, 1988:2.)

Die Federale Onderwysersraad wys ook in 'n nuusbrieff daarop dat die ongemagtigde aantasting van die liggaam van enige persoon (ook van 'n kind) neerkom op aanranding. Die onderwysleier is beklee met 'n tugbevoegdheid volgens die reg. Indien die perke van redelikheid egter oorskry word, kan die toepasser aan aanranding skuldig bevind word. (Anon, 1988a:1.)

Gorton (1983:343), Stefanich en Bell (1985:23) en Nolte (1986:27) is die mening toegedaan dat leerlinge by die toepassing van skoolreëls ingelig behoort te word ten opsigte van die moontlike aard en kategorie van straf vir die oortreding van die betrokke skoolreëls. Die leerling behoort verder ingelig te word watter oortredings moontlik lyfstraf tot gevolg sal hê. Stefanich en Bell voeg verder by dat die leerlinge die onaanvaarbaarheid van hulle gedrag en die gevolge daarvan duidelik moet verstaan. Die straf moet ook deur die onderwyser uitvoerbaar wees.

Ter afsluiting kan genoem word dat solank 'n skoolreël geldend is, is die onderwyser verplig om die reël toe te pas. Afwyking van die skoolreël kan verwarring en onsekerheid by leerlinge teweeg bring.

Hierbo is die kriteria vir die toepassing van skoolreëls bespreek. Vervolgens sal die toepassingsgebied en die probleme daaraan verbonde bespreek word.

2.4.3.1 Toepassingsgebied en -prosedure van skoolreëls

Voordat die toepassingsprosedure van skoolreëls bespreek word, is dit noodsaaklik om die toepassingsveld van die skoolreëls te bepaal. Prinsloo (1989:26), Bray (1988:36) en Prinsloo en Beckmann (1987:173) is skrywers wat van mening is dat die skoolreëls slegs intern afdwing kan word. Voor moontlike optrede deur die onderwysleier moet

hy dus vasstel of die kind onder die jurisdiksie van die skool of van die ouer was toe die beweerde oortreding van die skoolreël begaan is (Moller, 1990:6). Daar is 'n tydstop waar die gesag van die onderwysleier deur dié van die ouerhuis oorgeneem word. Gedurende 'n vakansie, indien 'n leerling in skooluniform saam met sy ouers reis, sal skoolreëls dus nie meer van toepassing wees nie, omdat die leerling dan onder die gesag van sy ouers sal wees. Die onderskeid moet getref word tussen die skool se gesag om op te tree en die skool se verantwoordelikheid teenoor die kind. Die kind met vakansie is dus nie meer onder beheer van die skool nie. 'n Uitsondering in bostaande geval is die geval waar die ouers 'n kontrak met die beheerliggaam van die skool aangaan ingevolge waarvan die skool ook leerlinggedrag buite skoolure reguleer (Bray et al 1989:30).

Die toepassing van skoolreëls op leerlinge buite skoolverband is egter geregverdig indien dit 'n georganiseerde skooluitstap is en die leerling se gedrag 'n invloed op die skoolsituasie het (Sendor, 1983:23.) Zirkel en Reicher (1986:275) verwys na 'n hofuitspraak in die VSA (O'Rourke versus Walker, 102 Conn, 128 A.25 [1925]) waar die regter bestis het dat die onderwysleier by die toepassing van skoolreëls nie net die plek van oortreding (dit wil sê, of dit binne of buite die skool plaasgevind het) in ag moet neem nie, maar ook die effek wat die oortreding op die orde en welsyn van ander leerlinge gehad het. Die onderwysleier het dus in hierdie geval die bevoegdheid om op te tree.

Nadat die onderwysleier vasgestel het of die beweerde oortreding gepleeg is terwyl die leerling onder die jurisdiksie van die skool was, kan die onderwysleier voortgaan met die ondersoek na die beweerde oortreding, met inagneming van die reëls van natuurlike geregtigheid.

2.4.3.2 Die reëls van natuurlike geregtigheid

In die normale verloop van sake by 'n skool word van die onderwysleier as gesagdraende persoon verwag om teen leerlinge op te tree wat skoolreëls oortree het. Hierdie optrede lyk op die oog af na 'n regsprekende bevoegdheid; daarom word dit 'n kwasi-judisiële bevoegdheid genoem. In die uitoefening van die bevoegdheid word die regte, voorregte en vryhede van die leerlinge intiem geraak; daarom is dit so belangrik dat die onderwysleier die reëls van natuurlike geregtigheid tydens sy optrede sal volg (Bondesio, 1989:39).

By die toepassing van skoolreëls is dit noodsaaklik dat die onderwysleier kennis van die reëls van natuurlike geregtigheid moet dra en dat hy dit in sy optrede sal toepas. Die inhoud van die reëls sluit die volgende in (Bray, 1988:66; Retief, 1989:10):

- Die kind en sy ouers behoort vooraf in kennis gestel te word van die beplande verhoor. Dit sluit in die aard van die klag teen die kind, sowel as die tyd en plek van die “verhoor”.
- Die leerling op wie se regte en bevoegdhede inbreuk gemaak word, moet die kans gegun word om sy kant van die saak te stel.
- Enige tersaaklike feite moet aan die leerling gestel word sodat hy homself kan verdedig.
- Die onderwysleier behoort redes aan te voer waarom hy ’n spesifieke beslissing ten opsigte van ’n leerling wat ’n skoolreël oortree het, gemaak het. (Dit is streng gesproke nie deel van die reëls van natuurlike geregtigheid nie, maar dit is nietemin wenslik dat dit gedoen word.)
- Die onderwysleier moet onbevooroordeeld optree. Sy optrede moet dus objektief wees.

Die belangrikste aspek van die reëls van natuurlike geregtigheid is dat die toepassing daarvan daartoe lei dat objektiewe en ingeligte besluite geneem kan word. Die onderwysleier moet daarop bedag wees dat die leerling soms nie bevoeg kan wees om sy kant van die saak te stel nie (byvoorbeeld ’n gradeleerling), en daarom moet hy voorsiening maak vir ’n ouer of ’n voog om by die ondersoek van ernstige oortredings teenwoordig te wees (Bondesio, 1989:39).

2.4.3.3 Prosedure by die toepassing van skoolreëls

Die volgende riglyne vir die toepassing van skoolreëls is in die literatuur aangetref (Van Wyk, 1986:147; Avender & Plantus, 1983:37; Sendor, 1895:23; Eberlein, 1980:289:

- Skoolreëls moet konsekwent toegepas word.
- Slegs relevante feite moet in oorweging geneem word.
- Wanneer ’n skoolreël dikwels oortree word, moet die reël ondersoek word om die rede vir die gereelde oortreding vas te stel.
- Rekord moet gehou word van leerlinge wat gereeld reëls oortree.
- Die straf moet verband hou met die oortreding. ’n Onderwysleier mag byvoorbeeld nie as straf ’n leerling wat ’n skoolreël (byvoorbeeld rookverbod) oortree het se punte in ’n vak verlaag nie.
- In die toepassing van skoolreëls behoort die onderwysleier die ouers of voogde in te lig oor enige ernstige oortreding van skoolreëls deur die leerling.
- Gedurende die ondersoek na die beweerde oortreding moet die reëls van natuurlike geregtigheid toegepas word.

- Die ondersoek wat gehou word, moet redelik wees. 'n Redelike ondersoek sluit onder meer aspekte in soos die prosedure waarvolgens die feite vasgestel is. As die feite deur middel van intimidasie of afdreiging vasgestel is, was die ondersoek nie redelik nie. Daar behoort ook vasgestel te word of die leerling 'n rede gehad het om die reël te oortree. As bogenoemde stappe gevolg word, sal dit 'n redelike ondersoek wees, en sal bepaal kan word of die leerling wel skuldig is aan die beweerde oortreding. Indien die ondersoek feite blootlê wat bo redelike twyfel oortuig dat die kind skuldig is, kan die onderwysleier optree. (Heaton, 1987:401.)

Vir 'n beweerde oortreding van skoolreëls wat by skuldigbevinding tot skorsing of uitsetting kan lei, beveel Retief (1989:10) aan dat 'n skriftelike verslag van die verhoor bygehou word. Die verslag kan die onderwysleier se hand sterk in geval van verdere optrede deur die betrokke leerling se ouers.

2.4.4 Gevolgtrekking

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die toepassing van skoolreëls 'n belangrike deel van die reëlsisteem van die skool uitmaak. Die onderwysleier moet dus sorg dra dat die leerling in die toepassing van die reëls nie verontreg word nie, en dat sy menswaardigheid nie geskend word nie.

2.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is skoolreëls van naderby ontleed:

- Die oorsprong, voordele en nadele van skoolreëls is bespreek.
- Die klassifikasie, doel en inhoud van skoolreëls is behandel.
- Die betrokkenes by die skool en die skoolreëlsisteem is aangedui.
- Die vereistes en toepassing daarvan is uiteengesit.

Opsommend kan gesê word dat die reëlsisteem van die skool 'n belangrike rol in die bestuurshandelinge van die onderwysleier speel. Die verkeerde beginsels of riglyne wat in die skool se reëls geïnkorporeer is, kan vir die onderwysleier 'n groot probleem skep. As die onderwysleier nie van die opvoedkundige en juridiese geldigheidskriteria vir skoolreëls kennis dra nie, kan daar gevalle voorkom waar hy deur die ouers of ander betrokkenes tot verantwoording geroep word.

By die bekendstelling en toepassing van skoolreëls is daar ook sekere vereistes wat die onderwysleier en sy personeel in ag moet neem. Die korrekte wyse van bekendstelling en die voorvereistes daarvan moet nagekom word. Die optrede van die onderwysleier of onderwyser by die ondersoek van moontlike oortredings van die skoolreëls moet bo verdenking wees. Korrektheid van optrede en onbevooroordeeldheid is van kardinale belang.

As die beginsels en riglyne egter korrek geïmplementeer en toegepas word, kan dit lei tot 'n gelukkige skoolomgewing waar opvoedende onderwys in sy volle konsekwensies kan geskied.

HOOFSTUK 3

EMPIRIESE ONDERSOEK

3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is daar deur middel van die literatuurstudie aangetoon wat die grondmotiewe, voor- en nadele van skoolreëls is. Verder is ook aangetoon wat die toepassingsvereistes en geldingsterrein van skoolreëls behoort te wees.

Die doel met die empiriese ondersoek was om vas te stel

- wat skoolhoofde se siening oor skoolreëls is, en
- of die kriteria, soos in die literatuurstudie geïdentifiseer, wel in die praktyk haalbaar is.

3.2 NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsontwerp bestaan uit loodsondersoeke, vraelyste, populasie en statistiese prosedures.

3.2.1 Die ontwerp van die vraelys

3.2.1.1 Die posvraelys

Die doel van die vraelys was om navraag oor bestaande praktyke en toestande te doen en/of houdings en menings te peil (Van der Westhuizen, 1985:1.)

Pietersen (1988:87) meen die doel van 'n vraag of item in 'n vraelys is om 'n spesifieke reaksie of boodskap uit te lok.

Die vrae in die lys is daarop gemik om vas te stel wat die algemene siening van skoolhoofde van primêre skole is ten opsigte van die samestelling en toepassing van skoolreëls.

3.2.1.2 Voordele

'n Gestruktureerde vraelys het die volgende voordele (De Wet et al., 1981:163; Van der Westhuizen, 1985:1, Pietersen, 1988:95):

- Gedrukte vraelyste is meer doeltreffend en prakties as persoonlike onderhoude.
- Gestandaardiseerde instruksies maak dit moontlik dat elke respondente presies weet wat van hom verwag word.
- Response kan maklik ontleed word.
- Data kan makliker en van meer respondente ingesamel word.
- Dit is maklik om toe te pas, aangesien dit vooraf gekodeer kan word om kwantifisering te vergemaklik.
- Dit is meer ekonomies. Meer vrae per gegewe vraelyslengte oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe kan met 'n meervoudige keuseformaat hanteer word.
- 'n Groot groep mense kan makliker betrek word.
- As meetinstrument is die vraelys meer betroubaar as die onderhoud.
- Respondente kan anoniem bly.
- Objektiewe menings kan verkry word, aangesien persoonlike kontak uitgeskakel word.
- Dit neem minder tyd as onderhoude in beslag.

3.2.1.3 Nadele

Van der Westhuizen (1985:1) en Pietersen (1988:95) dui die volgende nadele aan:

- Gestruktureerde vrae is dikwels minder subtiel as oop vrae en laat die ondersoeker daardeur die geleentheid verbeur om 'n peilingsvraag te stel.
- Gestruktureerde vrae kan tot 'n verlies aan rapport en respondentmotivering lei, aangesien hulle kan voel dat die gegewe antwoordkeuses nie reg laat geskied aan, of voorsiening maak vir hulle eie gedagtes nie.
- Korrektheid van antwoorde kan moeilik bepaal word.
- Die geldigheid en betroubaarheid van 'n vraelys is moeilik te bepaal.

3.2.1.4 Konstruksie van die vraelys

'n Gestruktureerde vraelys wat uit ses afdelings bestaan, is gebruik. Die afdelings is:

☐ **Afdeling A : Biografiese gegewens**

Vrae 1 tot 7 in hierdie afdeling was op die versameling van biografiese gegewens gemik. Dit sluit vrae oor ouderdom, geslag, jare ondervinding as skoolhoof, hoogste akademiese kwalifikasie, hoogste professionele onderwyskwalifikasie, kwalifikasie in onderwysbestuur en opleiding in onderwysreg in.

☐ **Afdeling B : Demografiese gegewens**

Demografiese gegewens is deur middel van Vrae 8 tot 10 ingewin. Aspekte wat hier aangeraak is, is onder andere voertaal van die skool, gradering van die skool en samestelling van die skool.

☐ **Afdeling C : Rasionaal vir skoolreëls**

In antwoord op Vrae 11 tot 13 moes die respondente aandui hoe belangrik hy die gegewe aspekte van die doel, voor- en nadele van skoolreëls ag.

☐ **Afdeling D : Samestelling en toepassing van skoolreëls**

By Vrae 14 tot 21 is daar van die respondente verwag om sy skool se posisie met betrekking tot skoolreëls aan te dui. Die respondente kon tussen 'n ja- of 'n nee-antwoord kies. Aspekte wat gedek is, is onder andere die samestelling, bekendstelling en toepassing van skoolreëls.

☐ **Afdeling E : Kundigheid ten opsigte van skoolreëls**

In antwoord op Vrae 22 tot 35 moes die respondente sy siening oor sekere aspekte van skoolreëls gee deur aan te dui of hy met die gegewe stellings saamstem of nie.

☐ **Afdeling F : Kommentaar**

Hier is aan die respondente die geleentheid gebied om relevante kommentaar op skoolreëls in die algemeen te lewer.

3.2.1.5 Loodsondersoek

Die vraelys is gebaseer op inligting wat deur middel van die literatuurstudie verkry is (vergelyk Hoofstuk 2). Die vraelys is daarna aan hoofde van primêre skole (n=4) van

Carletonville en omgewing voorgelê om vas te stel of al die vrae op dieselfde wyse geïnterpreteer word. Tydens die loodsondersoek is daar geen probleme met die invul van die vraelys ondervind nie. 'n Rekenaartoeganklike vraelys wat al die vrae van die loodsvraelys ingesluit het, is daarna saamgestel.

3.2.1.6 Finale vraelys

Die finale vraelys is aan die Transvaalse Onderwysdepartement vir goedkeuring voorgelê (kyk Bylae D) is toe aan geselekteerde hoofde van primêre skole in die Transvaal gestuur.

3.2.1.7 Administratiewe prosedures

Toestemming vir die uitstuur van die vraelyste is van die Uitvoerende Direkteur van Onderwys verkry (kyk Bylae B.) Die name van die geselekteerde skole is aan die Direkteur van Onderwys voorsien.

3.2.2 Studiepopulasie

Die studiepulasie het alle primêre skole in Transvaal ingesluit. Met behulp van gestratifiseerde sistematiese steekproeftrekking is 395 primêre skole hieruit geselekteer. Die geselekteerde skole het 208 Afrikaanse skole, 118 Engelse skole en 69 Dubbelmedium (A/E) skole ingesluit.

Vraelyste is aan die 395 skole gepos. Van die 395 vraelyste wat gepos is, is 301 terugontvang.

TABEL 3.1 VRAELYTE UITGESTUUR EN TERUGONTVANG

Skole	Gepos	Ontvang	%
Afrikaans	208	172	82.6
Engels	118	79	66.9
Dubbelmedium	69	50	72.4
Totaal	395	301	76.2

Uit Tabel 3.1 is dit duidelik dat 301 (76,2%) vraelyste terugontvang is. Volgens Landman (1980:112) is terugvoering van meer as 70% voldoende om betekenisvolle afleidings te maak. Hierdie afleidings geld egter slegs vir die studiepopulasie en nie vir skole in ander provinsies nie, of vir skole binne ander onderwysdepartemente nie.

3.2.3 Statistiese tegniek

Die vraelysdata is met behulp van die hoofraamrekenaar van die PU vir CHO ingesleutel en verwerk. Daar is by die verwerking van die data deurgaans van 'n SAS-("Statistical Analysis System"-) rekenaarprogrampakket gebruik gemaak (SAS Institute Inc., 1985.)

By elke vraag is daar ten opsigte van die totale dataset, Afrikaanse skole en ook Engelse skole frekwensies en persentasies volgens die FREQ-prosedure van SAS bepaal.

Die nulresponse word in die tabelle ingesluit ten einde 'n volledige beeld te gee.

3.3 INTERPRETASIE VAN DIE DATA

Die biografiese en demografiese gegewens van die respondente is geanaliseer met die oog op 'n sinvolle vertolking van die versamelde data.

3.3.1 'n Profiel van die response op die vrae in Afdelings A en B : Biografies-demografiese gegewens

Uit Tabel 3.2 kan die volgende afleidings gemaak word. Die gemiddelde respondent is 'n man wat ouer as 46 jaar is. Hy is langer as 8 jaar skoolhoof van 'n gemengde (seuns en dogters) P1- of P2-laerskool wat Afrikaans as voertaal het.

Kwalifikasiegewys beskik die gemiddelde respondent oor 'n baccalaureusgraad met 'n onderwysdiploma. Wat onderwysbestuurskwalifikasies betref, besit 39.5% van die respondente formele kwalifikasies. Die verspreiding is soos volg: 4.7% voorgraads, 10.5% B.Ed., 17.6% O.K.V.O.-diploma, 4.3% M.Ed.-, 0.7% D.Ed.- en 1.7% ander kwalifikasies.

Wat blootstelling aan Onderwysreg betref, is daar slegs enkele respondente (25.8%) wat by wyse van akademiese studies enige blootstelling aan hierdie dissipline gehad het. Slegs 21.3% van die respondente het al kursusse en/of seminare oor Onderwysreg bygewoon.

TABEL 3.2 BIOGRAFIESE EN DEMOGRAFIESE GEGEWENS VAN HOOFDE

BIOGRAFIESE GEGEWENS VAN HOOFDE	f	%
1. Ouderdom		
0 Response	-	-
Jonger as 30	2	0.6
30 - 35	14	4.7
36 - 40	33	11.0
41 - 45	84	27.9
46 - 50	78	25.9
Ouer as 51	90	29.9
Totaal	301	100
2. Geslag		
0 Response	-	-
Manlik	284	94.3
Vroulik	17	5.7
Totaal	301	100
3. Jare ondervinding as Skoolhoof		
0 Response	3	1.0
0 - 3 jaar	74	24.6
4 - 7 jaar	58	19.3
8 - 11 jaar	56	18.6
12 + jaar	110	36.5
Totaal	301	100
4. Hoogste akademiese kwalifikasie		
0 Response	104	34.6
Baccalaureusgraad	107	35.5
Honneursgraad	18	6.0
B.Ed	43	14.3
Meestersgraad	26	8.6
Doktorsgraad	3	1.0
Totaal	301	100
5. Hoogste professionele onderwyskwalifikasie		
0 Response	15	5.0
H.O.D	67	22.3
T.H.O.D	141	46.8
Ander	78	25.9
Totaal	301	100

TABEL 3.2 BIOGRAFIESE EN DEMOGRAFIESE GEGEWENS VAN HOOFDE (vervolg)

BIOGRAFIESE GEGEWENS VAN HOOFDE	f	%
6. Hoogste kwalifikasie in Onderwysbestuur		
0 Response	14	4.7
Geen	168	55.8
Voorgaads	14	4.7
B.Ed	32	10.5
M.Ed	13	4.3
D.Ed	2	0.7
O.K.V.O - Diploma	53	17.6
Ander	5	1.7
Totaal	301	100
7. Het u enige opleiding in Onderwysreg gehad?		
vak/onderwysbestuur	39	13.0
module/onderwysbestuur	38	12.6
bywoning		
seminaar/onderwysreg	40	13.3
bywoning		
kursus/onderwysreg	24	8.0
ander	40	13.3
Totaal	181	60.2
DEMOGRAFIESE GEGEWENS	f	%
8. Voertaal van skool		
0 Response	23	7.6
Afrikaans	199	66.1
Engels	79	26.3
Totaal	301	100
9. Gradering van skool		
0 Response	2	0.7
P1	112	37.1
P2	132	43.9
P3	47	15.6
P4	8	2.7
Totaal	301	100
10. Samestelling van skool		
0 Response	-	-
Gemeng	301	100
Slegs dogters	-	-
Slegs seuns	-	-
Totaal	301	100

3.3.2 'n Profiel van die response op die vrae in Afdeling C : Die rasionaal vir skoolreëls

In hierdie afdeling van die vraelys is daar van die respondent verwag om aan te dui hoe belangrik sekere feite rakende die doel, voor- en nadele van skoolreëls vir hom as onderwysleier is.

Ter wille van die ontleding van die response is Afleiers 1 en 2 (*Baie belangrik* en *Redelik belangrik*) saamgevoeg as *Belangrik*. Afleiers 3 en 4 (*In 'n mate belangrik* en *Glad nie belangrik nie*) is saamgevoeg as *Nie belangrik nie*.

'n Ontleding van die sogenaamde *oop vrae*, waar die respondent bykomende inligting kon verskaf, word aan die einde van elke betrokke vraag se interpretasie opgesom.

TABEL 3.3 DIE RASIONAAL VIR SKOOLREËLS

* 0. Verteenwoordig geen response							
1. Baie belangrik							
2. Redelik belangrik							
3. In 'n mate belangrik							
4. Glad nie belangrik nie							
11. Evalueer die belangrikheid van die volgende aspekte by die opstel van skoolreëls deur die onderwysleier?							
11.1 Dit dien as hulpmiddel vir die onderwysleier om sy bestuursfunksie suksesvol uit te voer.		0	1	2	3	4	Tot.
	f	3	159	89	39	11	301
	%	1	53	30	13	3.7	100
11.2 Dit orden die opvoedkundige gebeure in die skool.	f	7	163	75	37	19	301
	%	2.3	54	25	12	6.3	100
11.3 Dit verskaf voorskrifte ten opsigte van onderwyser-leerlingverhoudinge.	f	5	120	90	75	11	301
	%	1.6	40	30	25	3.7	100
11.4 Dit stel duidelike voorskrifte vir die gedissiplineerde leerlingoptrede.	f	7	199	77	10	8	301
	%	2.3	66	26	3.3	3	100

TABEL 3.3 DIE RASIONAAL VIR SKOOLREËLS (vervolg)

12. Hoe belangrik beskou u die volgende voordele by die instelling van skoolreëls?						
	0	1	2	3	4	Tot.
12.1 Skoolreëls verskaf voorskrifte vir die implementering van bestuursbesluite.	f 3	83	121	76	18	301
	% 1	28	40	25	6	100
12.2 Skoolreëls verskaf gelyke beregtiging teenoor oortreders.	f 6	127	112	41	15	301
	% 2	42	37	14	5	100
12.3 Skoolreëls verhoog die effektiwiteit van die skooladministrasie.	f 4	107	108	69	13	301
	% 1.3	36	36	23	4.3	100
12.4 Skoolreëls verlig die besluitneming-spanning by die onderwyser.	f 11	84	115	69	22	301
	% 3.7	28	38	23	7.3	100
13. Hoe belangrik beskou u die volgende nadele met die instelling van skoolreëls?						
	0	1	2	3	4	Tot.
13.1 Skoolreëls bevat selde enige verduideliking.	f 8	37	85	118	53	301
	% 2.7	12	28	39	18	100
13.2 Onderwysers tree rigied volgens reëls op.	f 10	23	83	140	44	300
	% 3.3	7.6	28	47	15	100
13.3 Dit verhoog die voorkoms van dissiplinêre probleme in die skool.	f 11	13	46	96	135	301
	% 3.7	4.2	15	32	45	100
13.4 Die onderwysleier beskou die skoolreëls wat hy vir sy skool opgestel het as doeltreffend genoeg.	f 7	36	110	112	36	301
	% 2.3	12	37	37	12	100

□ Vraag 11: Belangrikheid van aspekte by die samestelling van skoolreëls

Die doel met hierdie vraag (vergelyk Bylae D, Vraag 11) was om die respondent die vier gegewe redes vir die samestelling van skoolreëls te laat evalueer. Hy moes aandui hoe belangrik die gegewe redes vir hom as onderwysleier is.

Die response was soos volg:

- Die feit dat skoolreëls voorskrifte vir leerlinggedrag bevat, is deur 91.4% van die respondente as 'n belangrike rede vir die samestelling van skoolreëls bestempel.
- Die feit dat skoolreëls as hulpmiddel dien vir die onderwysleier om sy bestuurspraak uit te voer, is deur 82.3% van die respondente as 'n belangrike rede vir die samestelling van skoolreëls bestempel.
- Die feit dat skoolreëls die opvoedkundige gebeure in die skool orden, is deur 79.1% van die respondente as 'n belangrike rede vir die samestelling van skoolreëls bestempel.
- Die feit dat skoolreëls voorskrifte vir onderwyser leerling verhouding verskaf, is deur 69.8% van die respondente as 'n belangrike rede vir die samestelling van skoolreëls bestempel.

Die afleiding kan dus gemaak word dat die respondente skoolreëls as 'n belangrike hulpmiddel beskou in die regulering van gedissiplineerde leerlingoptrede.

□ Vraag 12: Voordele van die instel van skoolreëls

Die doel met hierdie vraag (vergelyk Bylae D, Vraag 12) was om die respondent die vier gegewe voordele van die instel van skoolreëls te laat evalueer. Hy moes aandui hoe belangrik die gegewe voordele vir hom as onderwysleier is.

Die response was soos volg:

- Volgens 79.4% van die respondente is dit belangrik dat skoolreëls gelyke beregtiging teenoor oortreders verskaf.
- Die feit dat skoolreëls die effektiwiteit van die skooladministrasie verhoog, is deur 71.5% van die respondente as belangrik beskou.
- Die feit dat skoolreëls voorskrifte verskaf vir die implementering van bestuursbesluite is deur 67.8% van die respondente as belangrik beskou.
- Volgens 66.1% van die respondente is dit belangrik dat skoolreëls besluitnemingspanning by die onderwyser verlig.

Benewens die moontlike voordele wat in Tabel 3.3 aangedui is, is die volgende voordele in 'n oop vraag (Vraag 12.5) ook deur die respondente uit hulle ervaringsveld uitgewys:

- Skoolreëls skep 'n klimaat van vastigheid wat die leerlinge geborge en veilig laat voel.

- Skoolreëls verskaf norme waarvolgens leerlinge kan optree.
- Korrek geadministreerde skoolreëls lei die kind tot selfdisipline.
- Skoolreëls verskaf die grense waarbinne leerlinge optree. Hierdie grense is meetbaar en aan almal bekend.
- Skoolreëls bied aan leerlinge die geleentheid om verantwoordelikheid te aanvaar.
- Skoolreëls gee leiding aan die prefekte, leerlinge en ouers ten opsigte van die verwagte optrede van skoolleerlinge.

Die response op Vraag 12 korreleer met feite wat in die literatuurstudie weergegee word (vergelyk 2.3.5). Die feite is kortliks die volgende: Skoolreëls verskaf gelyke beregtiging, en skoolreëls voorsien voorskrifte waarvolgens 'n skool se bestuur beoordeel kan word.

□ Vraag 13: Moontlike nadele by die instelling van skoolreëls

Die doel met hierdie vraag (vergelyk Bylae D, Vraag 13) was om die respondent die vier moontlike nadele van skoolreëls te laat evalueer. Hy moes aandui hoe belangrik die gegewe nadele vir hom as onderwysleier is.

Die response was soos volg:

- Van die respondente was 48.5% van mening dat die feit dat die onderwysleier die reëls wat hy instel as doeltreffend genoeg beskou, 'n belangrike nadeel kan wees.
- Die feit dat skoolreëls selde enige verduideliking bevat, is deur 40.5% van die respondente as 'n belangrike nadeel beskou.
- Rigiede reëltoepassing is deur 35.2% van die respondente as 'n belangrike nadeel beskou.
- Die stelling dat skoolreëls aanleiding gee tot meer dissiplinêre probleme by die skool is deur 19.6% van die respondente as 'n belangrike nadeel beskou.

Benewens die moontlike voordele wat in Tabel 3.3 aangedui is, is die volgende nadele in 'n oop vraag (Vraag 13.5) ook deur die respondente uit hulle ervaringsveld uitgewys:

- Die onderwyser twyfel aan die mate waarin sekere skoolreëls (byvoorbeeld kle-redrag) afdwingbaar is.
- Skoolreëls dwing 'n sekere gedrag af sonder om gesindheid te toets.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat nie een van die moontlike nadele, soos in Tabel 3.3 weergegee, vir die respondente 'n groot nadeel is nie. Die respondente beskou dus skoolreëls en die toepassing daarvan in 'n baie positiewe lig.

3.3.3 'n Profiel van die response op die vrae in Afdeling D: Die samestelling en toepassing van skoolreëls

In hierdie afdeling van die vraelys is daar van die respondent verwag om deur middel van 'n kruisie by "Ja" of "Nee" die toestand van skoolreëls in sy skool aan te dui.

'n Ontleding van die sogenaamde *oop vrae*, waar die respondent bykomende inligting kon verskaf, word aan die einde van elke betrokke vraag se interpretasie opgesom.

TABEL 3.4 DIE SAMESTELLING EN TOEPASSING VAN SKOOLREËLS

* 0 Verteenwoordig geen response

14. Het u die volgende bronne geraadpleeg by die opstel van u skool se skoolreëls?						
		0		JA		NEE
		f	%	f	%	f %
14.1 Algemene wetgewing		13	4.3	149	50	139 46
14.2 Onderwyswetgewing		10	3.3	225	75	66 22
14.3 Departementele handleiding		2	0.7	288	96	11 3.6
14.4 Departementele omsendskrywes		14	4.7	270	90	17 5.6
15. Het van die volgende persone of instansies inspraak gehad in die opstel van u skool se skoolreëls?						
		0		JA		NEE
		f	%	f	%	f %
15.1 Die bestuursraad		7	2.3	210	70	84 28
15.2 Die dagbestuur		16	5.3	242	80	43 14
15.3 Alle personeellede		4	1.3	280	93	17 5.7
15.4 Die ouers		14	4.7	75	25	212 70
15.5 Die leerlingraad		25	8.3	145	48	131 44
16. Beskou u die volgende riglyne as sinvolle kriteria vir die opstel van skoolreëls?						
		0		JA		NEE
		f	%	f	%	f %
16.1 Skoolreëls moet redelik volledig wees.		7	2.3	269	89	25 8.3
16.2 Skoolreëls moet duidelik en ondubbelsinnig wees.		3	1	298	99	- -
16.3 Plaaslike faktore moet in ag geneem word met die opstel van die skoolreëls.		4	1.3	294	98	3 1
16.4 Die skoolreëls moet volledig genoeg wees om die betrokke partye teen aanspreeklikheid vir nalatigheid te beskerm.		7	2.3	279	93	15 5

TABEL 3.4 DIE SAMESTELLING EN TOEPASSING VAN SKOOLREËLS (vervolg)

17. Word u skool se skoolreëls op die volgende wyses aan die leerlinge bekend gestel?						
		0		JA		NEE
		f	%	f	%	f
17.1 Skriftelik in die skoolprospektus.		18	6	145	48	138
17.2 Skriftelik in die skoolstudiegids.		36	12	72	24	193
17.3 Skriftelik in die skooljaarblad.		43	14	14	4.7	244
17.4 Skriftelik tentoongestel in die klaskamers.		25	8.3	126	42	150
17.5 Skriftelik aangebring op die kennisgewingbord.		28	9.3	98	33	175
17.6 Mondelings tydens samekomste.		19	6.3	271	90	11
18. Word u skool se skoolreëls by die volgende geleenthede aan die leerlinge bekend gestel.						
		0		JA		NEE
		f	%	f	%	f
18.1 By die aanvang van die akademiese jaar.		11	3.6	245	81	45
18.2 Nuwe leerlinge by registrasie.		12	4	210	70	79
18.3 Deurlopend		8	2.7	281	93	12
18.4 Voor georganiseerde uitstappies.		17	5.7	231	77	53
19. Word u skool se skoolreëls by van die volgende geleenthede onder die aandag van die personeel gebring?						
		0		JA		NEE
		f	%	f	%	f
19.1 Tydens algemene personeelvergaderings.		2	0.7	282	94	17
19.2 Tydens spesiale personeelvergaderings.		19	6.3	177	59	105
19.3 Tydens vakvergaderings.		25	8.3	113	38	163
19.4 Deur middel van geskrewe beleidstukke.		12	4	265	88	24
20. Indien u aan die onderwysers voorligting rakende skoolreëls gee, behels die voorligting relevante aspekte van:						
		0		JA		NEE
		f	%	f	%	f
20.1 Onderwysregulasies.		6	2	277	92	18
20.2 Departementele beleid.		5	1.6	294	98	2
20.3 Voorskrifte rakende die toepassing van skoolreëls.		4	1.3	271	90	26
20.4 Moontlike juridiese gevolge van die wantoepassing van skoolreëls.		15	4.9	253	84	33
21. Word van die volgende persone of instansies betrek by die ondersoek na beweerde ernstige oortredings van skoolreëls in u skool?						
		0		JA		NEE
		f	%	f	%	f
21.1 Onderwysleier.		8	2.7	287	95	6
21.2 Onderwysleier en die leerling wat na bewering oortree het.		6	2	287	95	8
21.3 Onderwysleier, leerling en dissiplinêre komitee		26	8.6	96	32	179
21.4 Onderwysleier, leerling, dissiplinêre komitee en ouer/voog.		24	8	181	60	96

□ Vraag 14: Die gebruik van bronne

Die doel van hierdie vraag (vergelyk Bylae D, Vraag 14) was om vas te stel in watter mate die onderwysleier sekere bronne geraadpleeg het toe hy sy skool se skoolreëls saamgestel het.

Die response was soos volg:

- Van die respondente het 95.7% die Departementele Handleiding geraadpleeg by die samestelling van hulle skool se skoolreëls.
- Departementele omsendskrywes is deur 89.7% van die respondente gebruik.
- Onderwyswetgewing is deur 74.8% van die respondente gebruik.
- Algemene wetgewing is deur 49.5% van die respondente geraadpleeg.

Bykomende bronne wat deur respondente geraadpleeg is by die samestelling van die skool se skoolreëls (Vraag 14.5):

- Opvoedkundige literatuur
- Handboeke vir Onderwysbestuur en Onderwysreg
- Skoolreëls van ander skole
- Meningsopname van ouers en bestuursraad
- Die aard en wese van die sosio-kulturele agtergrond van die ouergemeenskap
- Plaaslike omstandighede
- Lewenservaring ("common sense").

Uit die bogenoemde feite is dit duidelik dat onderwysleiers, wanneer dit by die samestelling van skoolreëls kom, oor die algemeen swaar steun op die voorskrifte soos in die Departementele Handleiding vervat (vergelyk 2.2.3.2.2).

□ Vraag 15 : Inspraak by die samestelling van skoolreëls

Die doel van hierdie vraag (vergelyk Bylae D, Vraag 15) was om vas te stel watter persone of instansies inspraak gehad het in die samestelling van die skool se skoolreëls.

Die response was soos volg:

- By 93% van die skole het alle personeel inspraak by die samestelling van die skoolreëls gehad.
- By 80.4% van die skole het die dagbestuur inspraak by die samestelling van die skoolreëls gehad.

- By 69.8% van die skole het die bestuursraad inspraak gehad in die samestelling van die skoolreëls.
- By 48.2% van die skole het die leerlingraad inspraak by die samestelling van die skoolreëls gehad.
- By slegs 24.9% van die skole het die ouers inspraak in die samestelling van die skoolreëls gehad.

Addisionele persone of instansies wat inspraak gehad het in die samestelling van die skoolreëls is (Vraag 15.5):

- Leerlinge.
- T.A.O.

Die feit dat Regulasie 3 van Goewermentskennisgewing R.704 in Staatskoerant 4475 van 30 Maart 1990 die onderwysleier verplig om die skoolreëls aan die bestuursraad voor te lê (vergelyk 2.4.1) word slegs deur 69.8% van die respondente uitgevoer.

Alhoewel die ouers slegs by 24.9% van die skole inspraak gehad het in die samestelling van die skoolreëls, is 60.1% van die respondente bereid om ouerinspraak in die ondersoek na beweerde ernstige oortredings van die skoolreëls toe te laat (vergelyk Vraag 21.)

□ Vraag 16: Kriteria vir die samestelling van skoolreëls

Die doel van hierdie vraag (vergelyk Bylae D, Vraag 16) was om vas te stel of die kriteria vir die samestelling van skoolreëls, soos in Vraag 16 uiteengesit, vir die onderwysleiers sinvolle kriteria is. Die kriteria soos uiteengesit in Tabel 3.4 is met hoë persentasies (89% en hoër) deur die respondente as sinvol aanvaar.

Addisionele kriteria vir die samestelling van skoolreëls (Vraag 16.5):

- Skoolreëls moet eenvoudig en billik wees.
- Skoolreëls moet 'n element van buigbaarheid bevat om militêre rigiditeit te vermy.
- Skoolreëls moet periodiek hersien word.
- Redes vir die instel van 'n skoolreël moet duidelik en regverdigbaar wees.
- Skoolreëls moet ervaar word as regverdig teenoor alle betrokke partye.

Die response dui daarop dat die kriteria vir skoolreëls, soos deur Pretorius, Prinsloo, Beckmann, van Wyk, Bray en Gorton geïdentifiseer, wel kriteria is wat in die praktyk inslag gevind het (vergelyk 2.4.1).

□ Vraag 17: Bekendmakingswyses van skoolreëls

Die doel met hierdie vraag (vergelyk Bylae D, Vraag 17) was om vas te stel op watter wyses skoolreëls aan die leerlinge bekendgemaak word.

Die response was soos volg:

- Skoolreëls word deur 90% van die respondente mondeling aan die leerlinge bekend-gestel tydens samekomste.
- Die skoolprospektus word deur 48.2% van die respondente gebruik om skoolreëls aan leerling bekend te stel.
- 41.9% van die respondente stel die skoolreëls aan die leerlinge bekend deur dit in die klaskamer ten toon te stel.
- Die kennisgewingbord as bekendstellingsmedium vir skoolreëls word deur 32.6% van die respondente gebruik.

Addisionele bekendstellingswyses van skoolreëls (Vraag 17.7):

- Skriftelik in boekvorm aan leerlinge en ouers.
- Omsendbriewe en/of nuusbriewe aan ouers.

In hulle response op Vraag 17.7 het die respondente aangetoon dat baie van die skole die skoolreëls skriftelik deur middel van omsendbriewe/nuusbriewe/boeke aan die ouers en leerlinge bekendstel. Een van die voorvereistes vir die bekendstelling van skoolreëls, naamlik dat dit skriftelik moet wees (vergelyk 2.4.1), word dus wel deur die onderwys-leiers nagekom.

□ Vraag 18: Bekendstellingsgeleenthede van skoolreëls

Die doel van hierdie vraag (vergelyk Bylae D, Vraag 18) was om vas te stel by watter geleenthede skoolreëls aan die leerlinge bekendgestel word.

Die response was soos volg:

- Skoolreëls word deur die 93.3% van die respondente deurlopend onder die aandag van die leerlinge gebring.
- Skoolreëls word deur 81.4% van die respondente by die aanvang van die akademiese jaar onder die aandag van die leerlinge gebring.

- Nuwe leerlinge word deur 69.8% van die respondente by registrasie ingelig oor die skoolreëls.
- Skoolreëls word voor georganiseerde uitstappies onder die aandag van die leerlinge gebring deur 76.7% van die respondente.

Addisionele bekendstellingsgeleenthede vir skoolreëls (Vraag 18.5):

- Tydens opvoedkundige leidingperiodes.
- Voor besoeke aan ander skole vir kulturele of sportaktiwiteite.

Uit die bogenoemde response kan die afleiding gemaak word dat die leerlinge baie goed ingelig word oor die skoolreëls in hulle skole, en dat die skoolreëls gereeld deur die onderwysleiers onder hulle aandag gebring word.

□ Vraag 19: Bekendstelling van skoolreëls aan die personeel

Die doel van hierdie vraag (vergelyk Bylae D, Vraag 19) was om vas te stel wanneer en op watter wyse skoolreëls onder die personeel se aandag gebring word.

Die response was soos volg:

- Algemene personeelvergaderings word deur 93.7% van die respondente gebruik om skoolreëls onder die aandag van die personeel te bring.
- Geskrewe beleidstukke word deur 88% van die respondente gebruik om skoolreëls onder die aandag van die personeel te bring.
- Spesiale vergaderings word deur 58.8% van die respondente gebruik om skoolreëls onder die aandag van die personeel te bring.
- Vakvergaderings word deur 37.5% van die respondente gebruik om die skoolreëls aan die personeel bekend te stel.

Addisionele geleenthede waar skoolreëls onder die aandag van die personeel gebring word (Vraag 19.5):

- Skoolreëls word as integrale deel van die skoolbeleid aan die personeel bekendgestel.
- Afskrif van skoolreëls aan elke onderwyser (nuwe sowel as ou personeellede).

Algemene personeelvergaderings en geskrewe beleidstukke blyk dus die mees populêre wyses te wees wat die onderwysleiers gebruik om skoolreëls onder die aandag van hulle personeel te bring.

□ **Vraag 20: Aspekte van voorligting aan personeel**

Die doel van hierdie vraag (vergelyk Bylae D, Vraag 20) was om vas te stel aan watter skoolreëlaspekte die onderwysleiers tydens personeelvoorligting aandag gee.

Die response was soos volg:

- Departementele beleid kry tydens personeelvoorligting die aandag van 97.7% van die respondente.
- Onderwysregulasies kry tydens personeelvoorligting die aandag van 92% van die respondente.
- Toepassingsvoorskrifte kry tydens personeelvoorligting die aandag van 90% van die respondente.
- Die moontlike juridiese gevolge van die wantoepassing van skoolreëls word tydens personeelvoorligting deur 84.1% van die respondente beklemtoon.

Die meerderheid van die respondente kom dus die voorskrifte, soos in die Departementele Handleiding gestel (vergelyk 2.2.3.2.2), na en voer dus op hierdie wyse die departementele beleid korrek uit. Gelees in samehang met Vraag 19 is dit duidelik dat personeellede goed ingelig word oor skoolreëls en die toepassing daarvan.

□ **Vraag 21: Persone of instansies betrokke by die ondersoek na beweerde ernstige oortreding van skoolreëls**

Die doel van hierdie vraag (vergelyk Bylae D, Vraag 21) was om vas te stel wie by die ondersoek na 'n beweerde ernstige oortreding van skoolreëls betrokke is.

Die response was soos volg:

- Meer as 95 persent (95.3%) van die respondente is self by die ondersoek betrokke en hulle betrek ook die leerling wat na bewering oortree het by die ondersoek.
- In 60.1% van die gevalle sal die respondente ook die ouers wat by die ondersoek betrokke is, betrek.

- Die beginsel van dissiplinêre komitees blyk nie baie gewild te wees nie, aangesien dit deur slegs 31.9% van die respondente gebruik word.

Addisionele persone of instansies wat by die ondersoek na beweerde ernstige oortredings van skoolreëls betrokke is (Vraag 21.5):

- Opvoedkundige hulpdienste.
- In sekere gevalle die bestuursraad.
- 'n Damesdepartementshoof word betrek wanneer 'n dogter of dogters by die saak betrokke is.
- Klas- en vakonderwysers speel 'n belangrike rol.
- Ouers is altyd by die ondersoek betrokke.

Die afleiding kan dus gemaak word dat die onderwysleiers die belange van die leerlinge voorop stel. Daar word gesorg dat hulle self in die ondersoek na 'n beweerde ernstige oortreding van die skoolreëls betrokke is. Die feit dat die ouers in 60.1% van die gevalle ook in die ondersoek betrek word, korreleer met die response op Stelling 30 waar 56.1% van die respondente aandui dat hulle ouerinspraak in die toepassing van skoolreëls sal toelaat.

3.3.3.1 Sintese

Die rede vir die hoë positiewe respons oor die samestelling en toepassing van skoolreëls kan toegeskryf word aan die kwalifikasievlak van die respondente (vergelyk Vraag 4, Tabel 3.2) en die feit dat die gemiddelde respondent 'n persoon is wat meer as agt jaar ondervinding as skoolhoof het (vergelyk Vraag 3, Tabel 3.2). Die gegewens dui daarop dat die respondente by die samestelling en toepassing van skoolreëls 'n ewewigtige en fundamenteel korrekte benadering sal volg.

3.3.4 'n Profiel van die response op die vrae in Afdeling E: Juridiese kundigheid ten opsigte van skoolreëls

In hierdie afdeling van die vraelys is daar van die respondente verwag om aan te dui in watter mate hulle met sekere stellings rakende skoolreëls saamstem. Die stellings is in Bylae D, Afdeling E, Vrae 22 tot 35 vervat.

Vir die doeleindes van die ontleding van die response is Afleiers 1 en 2 (*Stem glad nie saam nie* en *Stem in 'n geringe mate saam*) saamgevoeg as *Stem nie saam nie*. Afleiers 3 en 4 (*Stem in 'n groot mate saam* en *Stem heelhartig saam*) is saamgevoeg as *Stem saam*.

TABEL 3.5 JURIDIESE KUNDIGHEIDTEN OPSIGTE VAN SKOOLREËLS

Die betekenis van die nommers is die volgende

* 0. Verteenwoordig geen response

1. Stem glad nie saam nie.

2. Stem in geringe mate saam.

3. Stem in 'n groot mate saam.

4. Stem heelhartig saam.

		0	1	2	3	4	Tot.
22. Skoolreëls kan beskou word as 'n vorm van wetgewing.	f	4	23	64	123	87	301
	%	1.3	7.6	21	41	29	100
23. Die basis van 'n skoolreëlsisteem is juridies van aard.	f	3	24	91	125	58	301
	%	1	8	30	42	19	100
24. 'n Besondere skoolreël moet die toepassingsveld waarop dit betrekking het duidelik identifiseer.	f	5	9	20	102	165	301
	%	1.7	3	6.6	34	55	100
25. Skoolreëls is slegs bindend op die skoolterrein.	f	3	117	78	61	42	301
	%	1	39	26	20	14	100
26. Skoolreëls is slegs bindend gedurende skoolure.	f	2	137	81	51	30	301
	%	0.7	46	27	17	10	100
27. Skoolreëls is slegs bindend gedurende amptelike georganiseerde skoolaktiwiteite.	f	3	112	66	61	59	301
	%	1	37	22	20	20	100
28. Leerlingsinspraak behoort toegelaat te word by die opstel van skoolreëls	f	2	14	74	99	112	301
	%	0.7	4.6	25	33	37	100
29. Ouers behoort toegelaat te word om inspraak te hê by die toepassing van skoolreëls.	f	2	59	71	98	71	301
	%	0.7	20	24	33	24	100
30. In probleemgevalle moet skoolreëls afgedwing word.	f	4	21	54	121	101	301
	%	1.3	7	18	40	34	100
31. Die leerlinge behoort ingelig te wees van wat die moontlike straf vir 'n oortreding kan wees. (bv. lyfstraf vir pligsverzuim)	f	2	18	30	83	168	301
	%	0.7	6	10	28	56	100
32. 'n Skriftelike verslag van alle dissiplinêre optredes teenoor leerlinge behoort deur die onderwysleier bygehou te word.	f	5	13	31	61	191	301
	%	1.7	4.3	10	20	63	100
33. Na skuldigbevinding en voor straftoemering behoort die leerling die reg tot appél te hê.	f	5	42	53	89	112	301
	%	1.7	14	18	30	37	100
34. In die ondersoek na 'n beweerde oortreding moet die leerling se vorige gedragsrekord in ag geneem word.	f	5	19	28	80	169	301
	%	1.7	6.3	9.3	27	56	100
35. By die straftoemering moet die leerling se vorige optredes in ag geneem word.	f	6	28	28	85	154	301
	%	2	9.3	9.3	28	51	100

□ **Stellings 22 en 23: Grondslag van skoolreëls**

- **Stelling 22: Skoolreëls kan beskou word as wetgewing**

'n Groot meerderheid van die respondente (69.8%) het korrek geantwoord deur te sê dat skoolreëls wel as 'n vorm van ondergeskikte wetgewing beskou kan word.

- **Stelling 23: Die basis van die skoolreëlsisteem is juridies van aard**

Die stelling is met 'n groot meerderheid van 60.8% deur die respondente as korrek aanvaar deurdat hulle gesê dat skoolreëls juridies van aard is.

Sintese

Die response op die eerste twee stellings korreleer met die siening, soos in die literatuurstudie (vergelyk 2.3.3.4) weergegee, dat skoolreëls 'n juridiese basis het en dat skoolreëls in werklikheid interne ondergeskikte wetgewing is.

□ **Stellings 24, 25, 26 en 27: Die trefwydte van skoolreëls**

- **Stelling 24. 'n Besondere skoolreël moet die toepassingsveld waarop dit betrekking het duidelik identifiseer**

Hier het 88.7% van die respondente korrek geantwoord deur met die stelling saam te stem. Die aanname kan dus gemaak word dat die respondente tydens die bekendstelling van die skoolreëls (Vraag 17, Afdeling D) ook die toepassingsveld aan die leerlinge sal verduidelik.

- **Stelling 25: Skoolreëls is slegs bindend op die skoolterrein**

Slegs 34.3% van die respondente het saamgestem; 64.7% het dus nie saamgestem nie. Die meerderheid respondente huldig dus die foutiewe mening dat skoolreëls ook buite die skoolterrein van toepassing is.

- **Stelling 26: Skoolreëls is slegs bindend gedurende skoolure**

Hierdie stelling is deur 72.4% van die respondente verwerp. Die meerderheid respondente huldig dus die foutiewe mening dat skoolreëls nie slegs gedurende skool ure bindend is nie.

- **Stelling 27: Skoolreëls is slegs bindend gedurende amptelike georganiseerde skool aktiwiteite**

Die stelling is vir 59.1% van die respondente nie aanvaarbaar nie. Die meerderheid respondente huldig dus die foutiewe mening dat skoolreëls nie slegs gedurende amptelike georganiseerde skoolfunksies bindend is nie.

Sintese

Die meerderheid respondente is dus van mening dat skoolreëls ook na-ure en buite-skools behoort te geld. Hierdie bevinding moet gelees word teen die agtergrond van verskeie skrywers in die literatuurstudie se bewering dat daar in Suid-Afrika nog nie 'n duidelike uitspraak oor die trefwydte en toepassingsveld van skoolreëls gegee is nie (vergelyk 2.4.3.1).

□ **Stellings 28 en 29 : Inspraak by die samestelling en toepassing van skoolreëls**

- **Stelling 28: Leerlinginspraak behoort toegelaat te word by die samestelling van skoolreëls**

Die stelling dra die goedkeuring van 70.1% van die respondente weg. Word hierdie stelling egter met Afdeling D, Vraag 15 (Tabel 3.4) oor die inspraak by die samestelling van skoolreëls vergelyk, toon die praktyk dat slegs 43.8% van die respondente wel leerlinginspraak toelaat. Die afleiding kan dus gemaak word dat die respondente nie altyd konsekwent optree wanneer leerlinginspraak in skoolreëls ter sprake is nie.

- **Stelling 29: Ouers behoort toegelaat te word om inspraak te hê by die toepassing van skoolreëls**

Hierdie stelling het baie respondente laat twyfel. Slegs 56.1% van die respondente sal ouer inspraak in die toepassing van die skoolreëls aanvaar. Die gegewens korreleer met Vraag 21 van Afdeling D (Tabel 3.4) waar die respondente aangedui het dat 60.1% van hulle die ouers by die toepassing van skoolreëls sal betrek.

□ **Stelling 30: In probleemgevalle moet skoolreëls afdwing word**

Hierdie stelling word deur 73.8% van die respondente aanvaar. Die feit dat die respondente die stelling met so 'n hoë persentasie aanvaar, dui daarop dat die onderwysleiers op die eenvormigheid van leerlingoptrede gesteld is, en dat hulle bereid sou wees om

byvoorbeeld deur middel van 'n regsaksie, skoolreëls af te dwing. Die skrywers wat in die literatuurstudie geraadpleeg is, beskou egter so 'n regsaksie slegs as 'n laaste uitweg (vergelyk 2.4.3).

- ☐ **Stelling 31: Die leerlinge behoort ingelig te wees van wat die moontlike straf vir 'n oortreding kan wees**

Die meerderheid respondente (83.3%) is van mening dat dit 'n goeie beleid is om te volg. Die aanname kan dus gemaak word dat gedurende die bekendstelling van die skoolreëls (vergelyk Vraag 17, Afdeling D) die respondente die leerlinge ook sal inlig oor wat die moontlike straf vir die oortreding van 'n spesifieke skoolreël kan wees.

- ☐ **Stelling 32: 'n Skriftelike verslag van alle dissiplinêre optredes teen leerlinge behoort deur die onderwysleier bygehou te word**

Daar is 83.7% van die respondente wat meen dat hierdie gebruik in skole gevolg behoort te word. Die byhou van 'n skriftelike verslag is voordelig slegs wanneer dit in samehang met Vraag 33 gelees word.

- ☐ **Stelling 33: Na skuldigbevinding en voor straftoemeting behoort die leerling reg tot appèl te hê**

Hierdie stelling word deur 66.7% van die respondente aanvaar. Hieruit kan dus afgelei word dat die respondente van mening is dat hulle hantering van dissiplinêre sake, wanneer dit aan die reëls van natuurlike geregtigheid gemeet word (vergelyk 2.4.3.2), die toets sal deurstaan.

Sintese

Die response op Stellings 32 en 33 toon dat die respondente vertrouwd is met die hantering van 'n dissiplinêre saak wat moontlik reperkussies kan hê. Daarom sal hulle op so 'n appèlsaak voorbereid wees.

- **Stelling 34: In die ondersoek na 'n beweerde oortreding moet die leerling se vorige gedragsrekord in ag geneem word**

Hierdie stelling word deur 82.7% van die respondente ondersteun. Die hoë persentasie steun vir hierdie stelling plaas 'n vraagteken oor die objektiwiteit van die respondente by die hantering van dissiplinêre sake (vergelyk 2.4.3.3).

- **Stelling 35: By straftoemeting moet die leerling se vorige optredes in ag geneem word**

Hier het 79.4% van die respondente saamgestem. Dit ondersteun die beginsel van relevante feite in die toepassingsprosedure van skoolreëls (vergelyk 2.4.3.3).

3.4 SAMEVATTING

Die ontleding van die vraelysdata dui daarop dat die algemene kundigheidsvlak van die respondente oor die samestelling en toepassing van skoolreëls, op enkele uitsonderings na, baie hoog is. Die afleiding kan dus gemaak word dat, in sover dit die samestelling en toepassing van skoolreëls betref, die leerlinge in goeie hande is. Die empiriese ondersoek het egter 'n paar probleemareas uitgewys, soos onder andere die toepassingsgebied, toepassingstyd en ondersoek na beweerde ernstige oortredings. In die volgende hoofstuk sal daar aanbevelings gemaak word met betrekking tot oorbrugging van hierdie probleemareas.

HOOFSTUK 4

SAMEVATTENDE PERSPEKTIEFSTELLING

4.1 INLEIDING

Die belangrikheid van die onderwyserleier en sy personeel se korrekte juridies-opvoedkundige implementering van skoolreëls maak dit noodsaaklik dat die onderwyseier van die jongste tendense op hierdie terrein kennis moet neem. Die onderwyseier sal sy kennis oor skoolreëlsamestelling en -implementering deur middel van selfstudie of die bywoning van kursusse en/of seminare moet uitbrei.

4.2 SAMEVATTING

In Hoofstuk 1 is aangetoon dat die inagneming van juridiese onderwysaspekte 'n al hoe prominenter rol in die onderwyseier se bestuursfunksie speel. Om te bepaal wat die situasie in primêre skole is, en in watter mate daar aan die juridiese vereistes voldoen word, is die kriteria vir die samestelling en toepassing van skoolreëls deur middel van navorsing geïdentifiseer.

Hoofstuk 2 is gewy aan aspekte wat die samestelling en toepassing van skoolreëls beïnvloed. Aspekte wat bestudeer is, is onder andere die doel met die instelling van skoolreëls, die voor- en nadele van die instelling van skoolreëls, die inhoudelike van skoolreëls en die korrekte toepassing van skoolreëls.

Hoofstuk 3 behels die empiriese ondersoek. 'n Vraelys is ontwerp en as meetinstrument gebruik. Vervolgens is die doel, voor- en nadele, konstruksie van die vraelys, administratiewe prosedures en die statistiese tegniek wat gebruik is, bespreek.

Data is deur middel van vraelyste verkry wat by primêre skole in Transvaal gesirkuleer het. Die versamelde data is vir interpretasie deur die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO met behulp van 'n rekenaar verwerk. Met die interpretasie van die data is gebruik gemaak van tabelle waarin die volgende data weergegee is:

- Inligting aangaande die aantal vraelyste.
- Inligting aangaande die biografiese en demografiese besonderhede van respondente.
- Inligting aangaande die doelwit, voor- en nadele van skoolreëls.
- Inligting aangaande die samestelling van skoolreëls.
- Inligting aangaande die toepassing en toepassingsgebied van skoolreëls.

4.3 GEVOLGTREKKINGS

4.3.1 Gevolgtrekkings ten opsigte van die literatuurstudie

- In die Suid-Afrikaanse regstruktuur vind Onderwysreg sy beslag in die Administratiewe Reg (vergelyk 2.2). Skoolreëls word gesien as die verfyning van skoolbeleid; daar waar skoolbeleid die oorkoepelende riglyne neerlê (vergelyk 2.2.3.3).
- Skoolreëls is 'n vorm van interne ondergeskikte wetgewing. Skoolreëls is ondergeskik, omdat dit nie strydig mag wees met die voorskrifte soos vervat in die regulasies, handleidings, omsendkrywes en omsendminute wat uitgevaardig word nie. Skoolreëls is intern, omdat dit slegs vir 'n spesifieke skool geld (vergelyk 2.2.3.4).
- Die skool en die gesin is twee samelewingsverbande wat by die samestelling en toepassing van skoolreëls betrokke is. Die verwantskap tussen die twee samelewingsverbande is 'n vennootskap van wedersydse vertroue en ondersteuning (vergelyk 2.3.2.4).
- Die literatuurstudie het verder aangetoon dat die onderwysleier se gesag om skoolreëls op te stel en toe te pas op statutêre mandaat, regspraak en die gemene reg berus (vergelyk 2.3.3).
- Die onderwysleier het met die samestelling van skoolreëls ordelikheid, regmatigheid en doeltreffendheid as oorkoepelende doelwit in gedagte. Daar bestaan egter komplementêre doelwitte, soos die ordening van die opvoedkundige gebeure by die skool, ensovoorts (vergelyk 2.3.4).
- Skoolreëls bevat voordele en nadele vir die onderwysleier en die leerlinge. Daarom moet die onderwysleier nie skoolreëls op 'n lukraak basis saamstel nie (vergelyk 2.3.5 en 2.3.6).
- Kriteria vir die samestelling van skoolreëls is deur die literatuurstudie blootgelê. Die kriteria sluit onder meer die volgende in: skoolreëls moet op skrif wees; en skoolreëls moet deur bevoegde persone saamgestel word (vergelyk 2.4.1. en 2.4.2).
- Die onderwysleier is by die toepassing van skoolreëls tot sekere beginsels en prosedures verbind. Die onderwysleier behoort hom byvoorbeeld te vergewis van aspekte soos die toepassingsgebied van skoolreëls en die reëls van natuurlike geregtigheid (vergelyk 2.4.3.1, 2.4.3.2 en 2.4.3.3).

4.3.2 Gevolgtrekkings ten opsigte van die empiriese ondersoek

- Die kennis en blootstellingsvlak van die respondente aan Onderwysreg is nie baie hoog nie (vergelyk 3.3.1). Nogtans geskied die samestelling en toepassing van skoolreëls juridies en opvoedkundig wel in 'n groot mate op die korrekte wyse. Die gesonde toedrag van sake kan toegeskryf word aan die feit dat die respondente oor die algemeen ervare onderwysleiers is wat 8 jaar en langer skoolhoofde is (vergelyk 3.3.1). Die onderwysleiers aanvaar ook in 'n groot mate dat skoolreëls wel 'n juridiese grondslag het (vergelyk 3.3.4, Stellings 22 en 23).
- Die onderwysleiers steun baie swaar op die Departementele Handleiding as bron vir die samestelling van skoolreëls. Die vereistes soos voorgeskryf in die Regulasioerant van 30 Maart 1990 (Regulasie 704) word egter nie altyd nagekom nie. Die Regulasioerant bepaal dat die skoolreëls aan die bestuursraad/bestuursliggaam van die skool vir goedkeuring voorgelê moet word (vergelyk 3.3.3, Vrae 14 en 15).
- Die persentasie inspraak van ouers by die samestelling van skoolreëls is laag (vergelyk 3.3.3, Vraag 15.) Die inspraak behoort, volgens die vereistes soos in die vorige paragraaf gestel, deur middel van die bestuursraad/bestuursliggaam van die skool te geskied. Ouerinspraak by die toepassing van skoolreëls is redelik hoog (vergelyk 3.3.3, Vraag 19 en 3.3.4, Stellings 28 en 29). Dit dui op onderwysleiers wat bewus is van die belangrikheid van noue skakeling tussen die skool en die ouers.
- Die leerlinge word deur die onderwysleiers goed oor skoolreëls ingelig. Die leerlinge word ook goed ingelig oor die moontlike strawwe wat toegepas kan word by die oortreding van skoolreëls. Die inligting aan leerlinge aangaande skoolreëls word skriftelik (die hoofvereiste) sowel as mondeling gedoen (vergelyk 3.3.3, Vrae 17 en 18).
- Die onderwysleiers lig die personeel ook gereeld in oor die skoolreëls en die toepassing daarvan. Departementele voorskrifte rakende skoolreëls en die toepassing daarvan word ook gereeld onder die aandag van die personeel gebring (vergelyk 3.3.3, Vrae 19 en 20).
- Die onderwysleiers is die mening toegedaan dat skoolreëls buite die skoolterrein en na amptelike skoolure van toepassing is (vergelyk 3.3.4, Stellings 24, 25, 26 en 27).
- Die ondersoek na 'n beweerde ernstige oortreding van die skoolreëls word ook so gedoen dat die reëls van natuurlike geregtigheid wel deur die onderwysleier in sy ondersoek gevolg word (vergelyk 3.3.3, Vrae 21 en 3.3.4, Stellings 31, 32, 33 en 35).

- Die feit dat 'n leerling se vorige gedragsrekord voor die ondersoek geraadpleeg word, is egter juridies en opvoedkundig onaanvaarbaar. Sodanige gebruik kan moontlik tot bevooroordeelde optrede deur die onderwysleier lei. Dit druis ook teen die gees van die reëls van natuurlike geregtigheid in (vergelyk 3.3.4, Stelling 34).

4.3.3 Riglyne vir die samestelling en toepassing van verantwoordbare skoolreëls

Voortvloeiend uit die gevolgtrekkings van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek (vergelyk 4.3.1 en 4.3.2), kan die volgende normatiewe vereistes of behorensriglyne vir die samestelling en toepassing van skoolreëls gevolg word:

- Skoolreëls moet deur 'n bevoegde persoon of persone (byvoorbeeld die onderwysleier en die bestuursraad/bestuursliggaam) saamgestel word. Die statutêre voorskrifte vir die samestelling en toepassing van skoolreëls, soos deur die onderwysowerheid neergelê, moet nagekom word (vergelyk 2.2.3.4.). Verder moet ook die juridiese grondslag van skoolreëls by die samestelling van skoolreëls in ag geneem word (vergelyk 2.3.3. en 3.3.3, Vraag 15).
- Die erkenning van leerlingregte (menseregte) moet die basis van skoolreëls vorm. Niemand mag 'n onreg aangedoen word nie, en daar mag ook teen niemand gediskrimineer word nie. Skoolreëls moet ook kindgesentreerd wees en ten doel hê om die kind tot die bereiking van gebalanseerde volwassenheid te lei. Skoolreëls mag ook nie inbreuk op die vryheid van die leerling maak deur onnodige beperkings op hom te plaas nie. Skoolreëls moet ook aanpas by die ontwikkelingsvlak van die leerlinge en nie oorreguleer nie (vergelyk 2.4.1, 2.4.2 en 3.3.3, Vraag 16).
- Skoolreëls moet op duidelik geïdentifiseerde oogmerke en doelstellings gegrond wees (vergelyk 2.3.4). Verder moet skoolreëls logies, sistematies en duidelik saamgestel word. Skoolreëls moet 'n element van buigbaarheid bevat om rigiditeit te vermy. Skoolreëls moet prakties toepasbaar en afdwingbaar wees. Dit moet, indien nodig, gereeld hersien en gewysig word (vergelyk 2.3.4 en 2.4.1).
- Skoolreëls moet die redelikheidstoets ("test of reason") kan deurstaan. Daar moet gevra word hoe die instelling van die skoolreël(s) die onderwysers/skool/leerlinge gaan help om die opvoedkundige doelstellings van die onderwys te bereik.
- Ouer- en leerlinginspraak is 'n voorvereiste vir die suksesvolle samestelling en aanvaarding van die skoolreëls deur die ouergemeenskap en die leerlinge van die skool. Leerlinginspraak by die samestelling van die skoolreëls lei daartoe dat die leerlinge skoolreëls in 'n positiewe konteks ervaar en dat hulle dit sien as positiewe leiding wat van die onderwysleier af uitgaan (vergelyk 2.4.1, 3.3.3, Vraag 15 en 3.3.4, Stelling 28).

- Geskrewe skoolreëls moet tydens die jaarlikse registrasie (inskrywing) van die leerlinge tot beskikking van die ouers en die leerlinge gestel word.
- Tydens die ondersoek na beweerde oortredings van die skoolreëls moet die onderwysleier die reëls van natuurlike geregtigheid volg. Ouerinspraak in ondersoeke na ernstige oortredings is verpligtend weens die minderjarigheid van die leerling (vergelyk 2.4.3.2 en 3.3.4, Stelling 29).
- Skoolreëls geld net op die skoolterrein gedurende amptelike skoolure en gedurende amptelike georganiseerde skoolaktiwiteite. As die leerling onder die sorg van sy/haar ouer of voog is, is skoolreëls nie meer van toepassing nie (vergelyk 2.4.3.1).

4.4 AANBEVELINGS

4.4.1 Aanbevelings ten opsigte van die ondersoek

Die volgende aanbevelings ten opsigte van die samestelling en toepassing van skoolreëls in die primêre skool kan na aanleiding van die navorsing gedoen word.

□ Aanbeveling 1

Verskeie respondente het in Afdeling F van die vraelys aangetoon dat hulle meer leiding deur die Departement Onderwys en Kultuur oor die juridiese grondslag van skoolreëls sal verwelkom. Die Departement van Onderwys en Kultuur moet dus poog om meer indiensopleiding aan onderwysleiers te verskaf oor die juridiese aspekte van skoolreëls en ander relevante aspekte rakende die onderwysleier en Onderwysreg.

Motivering:

In die huidige snelveranderende omstandighede wat op multikulturele onderwys in Suid-Afrika gemik is, kan die samestelling en toepassing van skoolreëls vir die onderwysleier 'n moeilike bestuursfunksie word as hy nie in die juridiese aspekte van die onderwys onderlê is nie.

□ Aanbeveling 2

Die onderwysleier moet poog om 'n nog groter ouerbetrokkenheid by die samestelling en toepassing van skoolreëls te verkry.

Motivering:

